



KLAVIERDIDAKTIESE PROBLEMATIEK IN DIE ONDERRIG VAN SIENDE LEERLINGE

DEUR BLINDE LEERKRAGTE IN SUID-AFRIKA

Christie Marius Frans Kruger

Die verhandeling word voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad Magister Musicae in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte Departement Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

15 Januarie 1986

Studieleier: Prof.dr. J.L.K. Human

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

BLOEMFONTEIN

17-5-1986

T 786.207068 KRU

BIBLIOTHEEK

Opgedra aan Adelheid

## INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
Inleiding	i
HOOFSTUK 1 DIE BLINDE MUSIEKLEERKRAG	1
Die begrip blindheid	1
Die voorkoms van blindheid	2
Die blinde kind	4
Die blinde klavieronderwyser	8
Demografie van blinde musiekleerkragte	17
HOOFSTUK 2 EIESOORTIGE PROBLEME VAN DIE BLINDE KLAVIERONDER- WYSER EN VOORGESTELDE MOONTLIKE OPLOSSINGS	25
Die houding van die gemeenskap teenoor die blinde	25
Die moontlikheid om 'n betrekking te bekom	28
Mobiliteit	30
Die klaskamersituasie	31
Dissipline	33
Probleme ten opsigte van musiek in braille	34
HOOFSTUK 3 BRAILLE	39
Die geskiedenis van braille	39
Die braillesel	40
Die alfabet	41
Leestekens	42
Syfers	43

HOOFSTUK 3 (vervolg)	
Braillemusiek	43
Agtpuntbraille	47
Die beskikbaarheid van braillemusiek	47
HOOFSTUK 4 NOTASIE	50
Die onderrig van notasie aan blinde leerlinge	50
Die onderrig van notasie aan siende leerlinge deur die blinde leerkrag	56
Media by die onderrig van notasie aan siende leerlinge	57
Boeke	57
Kaarte	60
Rame en borde	63
HOOFSTUK 5 ONDERWYSMEDIA, PROJEKTE, MUSIEKUITVOERINGS	70
Metronome	70
Plaatopnames	73
Kassette	74
Films	74
Radio, televisie en video	75
Die truprojektor	76
Prente	76
Projekte	77
Plakkate	77
Plakboeke	77
Bulletinborde	78
Musiekkamerkonserte	78

HOOFSTUK 5	(vervolg)	
	Musiekuitvoerings	78
	Gevolgtrekking	80
HOOFSTUK 6	LEERPLANNE	82
	Musiek as vak	83
	Die trapstelsel	86
	Leerplanne van die Universiteit van Suid-Afrika	87
	Leerplanne van <u>The Associated Board of the</u>	
	<u>Royal Schools of Music</u>	90
	Leerplanne van die <u>Trinity College of Music</u>	91
	Musiekeksamens	93
HOOFSTUK 7	DIE METODOLOGIE VAN DIE BLINDE KLAVIERLEERKRAG	96
	Onderwysfilosofieë as riglyne in musiekonderrig	96
	Die filosofiese standpunt van die skrywer	98
	Leerprosesse met betrekking tot musiek	100
	Onderwysmetodes van toepassing op musiekonderrig	104
	Die leerkrag	108
	Besondere eise aan 'n blinde klavierleerkrag	
	gestel	110
	Die beginner	112
	Die gevorderde leerling	123
	Memorisering	128
	Ritme	131
	<u>Prima-vista</u> -spel	133
	Gehooroopleiding	136

HOOFSTUK 7	(vervolg)	
	Musiekteorie	137
	Klawerbordharmonie	139
HOOFSTUK 8	KLAVIERTEGNIËK	140
	Tegniese oefeninge	140
	Toonlere	140
	Legatospel	145
	Staccatospel	146
	Vingerwerk	149
	Pedaalgebruik	149
	Frasering	152
	Demonstrasie	153
HOOFSTUK 9	EVALUERING VAN DIE BLINDE KLAVIERONDERWYSER	154
	Die siende oud-leerling	155
	Vergelyking tussen blinde en siende leerkragte volgens inligting uit die vraelys aan oud-leer- linge verkry	158
	Inligting uit vraelys aan hoofde	161
	Vakkennis	161
	Onderwysprestasie	161
	Aanvaarbaarheid vir ouers en leerlinge	162
	Aanpasbaarheid in die skoolsituasie	163

HOOFSTUK 9 (vervolg)	
Organisasievermoë binne skoolverband	163
Dissipline - veral ten opsigte van groepwerk	164
Mobiliteit	164
Bevoegdheid ten opsigte van buite-muurse	
bedrywighede	165
Eiesoortige probleme	166
Welslae deur 'n blinde klavierleerkrag behaal	170
HOOFSTUK 10 SLOT	175
SAMEVATTING	178
SUMMARY	186
VERWYSINGS	194
BRONNELYS	I

## INLEIDING

"Does God demand day labour, light denied?"

Hierdie vraag word deur die beroemde Engelse digter Milton, wat self blind was, in sy sonnet On his blindness gestel. Die antwoord is Ja; van ons word geloof en deursettingsvermoë gevra. God verskaf die middele, toerusting en krag.

Skrywer van hierdie verhandeling, self 'n blinde, is oortuig van die waarheid van laasgenoemde stelling. Hy het op vierjarige ouderdom sy gesig verloor en sy ganse bestaan is vanselfsprekend daardeur geraak. Die eiesoortigheid van die gebrek, die wyse waarop dit elke faset van 'n persoon se lewe raak, is tans, meer as vyftig jaar nadat hy blind geword het, 'n onderwerp waaroor hy met besondere begrip kan praat.

Skrywer is 'n musikus en musiekpedagoog. Met verloop van tyd het die knellende afwesigheid van die nodige lektuur wat die probleem eie aan die beroep van die blinde musiekpedagoog uitwys en wat die moontlike oplossings daarstel, vir hom progressief duideliker geword. Dit het by hom 'n behoefte geword om sy persoonlike bydrae te lewer ten einde 'n

begin te maak om laasgenoemde leemtes aan te vul. Dit is die primêre motivering van hierdie verhandeling.

Die omvang van die probleme waarmee die blinde musiekpedagoog daaglik te kampe het, is egter bykans grensloos. Gevolglik moes skrywer die gebied waarop sy navorsing toegespits is, beperk en sy einddoel dienooreenkomstig op slegs een kardinale fokuspunt instel. Daarom die keuse van die onderwerp van hierdie verhandeling.

Die doel van die verhandeling is om die didaktiese problematiek van die klavieronderrig deur blinde klavieronderwysers aan hulle siende leerlinge te identifiseer, probleme te stel en moontlike wenke aan die hand te doen om as riglyn in die opleiding van blinde klavieronderwysers in die Republiek van Suid-Afrika te dien.

Met hierdie verhandeling word verder gepoog om 'n evaluering van die beroepsituasie van die blinde klavieronderwyser te gee, om sy tekortkominge en probleme uit te lig en 'n aantal moontlike oplossings aan die hand te doen.

Vanweë die besonderheid van die onderwerp is die volgende navorsingsmetode gevolg:

Inligting in hierdie handleiding is versamel deur 'n studie van bestaande lektuur wat plaaslik en in die buiteland opgespoor is, deur telefoonoproepe, deur persoonlike onderhoude, deur briefwisseling met die verskillende onderwysdepartemente in die land en deur vraelyste aan skoolhoofde, aan blinde sowel as siende klavieronderwysers en aan ongeveer vyftig siende oud-leerlinge te stuur en die antwoorde met rekenaars te verwerk. Daarbenewens is daar op meer as dertig jaar persoonlike ervaring as verwysingsraamwerk gesteun.

## BEDANKINGS

Geen navorsing kan sonder die daadwerklike steun van persone en instansies slaag nie. Skrywer wil daarom sy dank en erkentlikheid hier boekstaaf teenoor:

- O.V.S. Onderwysdepartement,
- Departement van Onderwys van die Kaap die Goeie Hoop en
- Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie: Volksraad)  
vir waardevolle inligting en leerplanne, asook vir die  
inisiatief om blinde musiekleerkragte in diens te neem;
- Transvaalse Onderwysdepartement,
- Natalse Onderwysdepartement,
- Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie: Raad van  
Afgevaardigdes),
- Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie: Raad van  
Verteenwoordigers) en
- Departement van Onderwys en Opleiding  
vir samewerking;
- Kate Thoupou, Rekensentrum, Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
vir die verwerking van die vraelyste;
- Mnr. C.P. Cilliers en
- Mev. H.C. Cilliers  
vir proeflees;
- Personeellede van die SKDB,
- Personeellede van Starite en
- Mev. M. Pieterse  
vir tegniese versorging;
- Prinshofskool, Pretoria  
vir inligting verstrek;

- Antonnette Botha,
- Mnr. J.F.P. van Niekerk (Departementshoof Musiek) en
- Mnr. J.H. van der Poel (Skoolhoof), Pionierskool, Worcester  
vir daadwerklike bystand en die beskikbaarstelling van bronne;
- Skoolhoofde,
- Kollegas en
- Oud-leerlinge  
wat noodsaaklike inligting deur middel van vraelyste  
verstrek het;
- Mnr. J.D. Bower, Hoof van Musiek, O.V.S. Onderwysdepartement  
vir leiding in verband met leerplanne;
- Mev. Linda Coetzee en
- Mev. Cecile Ströh (bibliotekaresses), Universiteit van die  
Oranje-Vrystaat  
vir bronnelys;
- Toni Render en
- Anne Hadley van die Blindiana-biblioteek, Die Suid-Afrikaanse  
Nasionale Raad vir Blindes, Pretoria  
vir beskikbaarstelling van inligting en bronne;
- Christilde, Attie en Elmi  
vir hulle aanmoediging;
- Adelhart  
vir fotografie;
- Prof.dr. J.L.K. Human (Studieleier), Departement Musiek,  
Universiteit van die Oranje-Vrystaat  
vir professionele leiding en meedeling van vakkennis;
- Sy vrou  
vir aanmoediging, begrip, bystand en tikwerk;
- Die Skepper  
"... in u lig sien ons die lig."

## HOOFSTUK 1 DIE BLINDE MUSIEKLEERKRAG

### 1.1 DIE BEGRIP BLINDHEID

'n Persoon wat nie oor die volle gebruik van albei sy oë beskik nie, word as gesiggestremd bestempel. 'n Gesiggestremde persoon kan geheel blind of deelsiende wees. Die geheel blinde persoon is ten volle van braille afhanklik en ten opsigte van mobiliteit in 'n mindere of meerdere mate op die fisiese hulp van siende persone aangewys.

Deelsiende persone verteenwoordig drie kategorieë ten opsigte van die mate van visie tot hulle beskikking. Onder die eerste kategorie ressorteer sommige deelsiende persone wat oor voldoende gesigsvermoë beskik om gewone drukskrif met betreklike gemak te lees. Hulle lei hulle lewens onafhanklik van die hulp van siende persone. Vir die doel van hierdie verhandeling word genoemde groep deelsiende persone nie betrek nie.

Die tweede groep deelsiende persone maak wel van braille gebruik. Deur middel van moderne elektroniese hulpmiddels en optiese apparaat is drukskrif vir hulle in 'n mindere of meerdere mate toeganklik,

terwyl hulle vermoë tot mobiliteit hulle onafhanklik van die hulp van siende persone maak.

Die laaste groep deelsiende persone is feitlik geheel blind. Hierdie persone maak van braille gebruik en is ten opsigte van hulle beweeglikheid in 'n sekere mate op die welwillende hulp van siende persone aangewys.

## 1.2 DIE VOORKOMS VAN BLINDHEID

In Wes-Europa en die Verenigde State van Amerika is beraam dat minstens 200 uit elke 100 000 van 'n bevolking gesiggestremd is. (2 p. 5) Dit verteenwoordig 0,2% van die totale bevolking met 'n verwagte hoër voorkomssyfer onder minderontwikkelde bevolkingsgroepe.

Volgens tabel I en II is die voorkoms van blindheid in die Republiek van Suid-Afrika 0,1- % van die totale bevolking. Dit is aansienlik laer as die beraamde 0,2% in Wes-Europa en die Verenigde State van Amerika. Daar word egter vermoed dat die voorkomssyfer in die Republiek nie akkuraat is nie, aangesien dit moeilik is om betroubare gegewens uit

sommige sektore van die bevolking te bekom. Verder kan verwag word dat die voorkoms onder mense in ongunstige sosio-ekonomiese omstandighede hoër sal wees. (Sien tabel I en II)

**Table I: FIGURES COMPILED FROM THE BLINDNESS REGISTER OF THE SANCB, 1980**

	Blind	%	Rate per 100 000	General population	%
Whites	4 244	22,5 %	93,7	4 528 100	18,16%
Coloureds	3 107	16,4 %	118,9	2 612 780	10,5 %
Asians	576	3,05%	67	860 320	3,44%
Blacks	10 956	58,05%	64,7	16 923 760	67,9 %
Total	18 883	100,00%	75,8	24 924 960	100,00%

**Table II: FIGURES ACCORDING TO THE POPULATION CENSUS, 1980**

	Blind	%	Rate per 100 000	General population	%
Whites	4 420	18,16%	97,6	4 528 100	18,16%
Coloureds	2 580	10,6 %	98,7	2 612 780	10,5 %
Asians	900	3,7 %	104,6	860 320	3,44%
Blacks	16 440	67,5 %	97,1	16 923 760	67,9 %
Total	24 340	100,00%	97,7	24 924 960	100,00%

Die mees onlangse voorkomssyfer soos deur gesaghebendes in die Verenigde State van Amerika en die Verenigde Koninkryk aangetoon, is gebaseer op definisies van blindheid wat ooreenstem met die definisies van blindheid wat in die Republiek van Suid-Afrika aanvaar word. Tabel III verstrek gegewens wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes verkry is volgens die ouderdom-blindheidvoorkomssyfers

soos deur gesaghebbendes in die Verenigde State van Amerika en die Verenigde Koninkryk vasgestel.

**Table III: SANCB PROJECTION 1982 — DISTRIBUTION OF THE VISUALLY HANDICAPPED IN SA BY AGE-SPECIFIC RATE AND RACE (Total population 24 924 960)**

Age	Rate per 100 000	Whites	%	Coloureds	%	Asians	%	Blacks	%	Total	%
0-4	17,2	67	0,4%	57	1,1 %	18	1,3%	455	1,4%	597	1,1 %
5-19	55	693	4,0%	556	11,1 %	158	11,3%	3 283	10,1%	4 690	8,3 %
20-44	80,2	1 391	8,1%	728	14,45%	253	18,1%	4 775	14,6%	7 147	12,7 %
45-64	211,4	1 658	9,7%	587	11,65%	283	20,3%	3 897	11,9%	6 425	11,4 %
65-74	2 300	5 692	33,2%	1 370	27,2 %	354	25,4%	7 696	23,5%	15 112	26,9 %
75+	7 000	7 614	44,5%	1 740	34,5 %	329	23,6%	12 586	38,5%	22 269	39,6 %
<b>Total</b>		17 115	30,4%	5 038	9,0 %	1 395	2,5%	32 692	58,1%	56 240	100,00%
<b>Rate per 100 000</b>	225	378		193		161		193			

"The figures resulting from this projection seem feasible for several reasons. The overall rate of 225 per 100 000 compares favourably with the 200+ rate for developed countries in the West while the total of 56 240 is close to the SANCB estimate."  
(2 pp. 5-6)

### 1.3 DIE BLINDE KIND

Volgens statistiese opnames is bevind dat daar 954 426 blanke leerlinge gedurende 1979 in gewone skole was. Tabel IV (2 p. 6)

**Table IV: PUPILS IN ORDINARY SCHOOLS 1979**

	Primary		Secondary		Total	% 5-19 years
Whites	606 219	63,5%	348 207	36,5%	954 426	75,6%
Coloureds	613 752	82,5%	129 698	17,5%	743 450	72,8%
Asians	150 119	70,0%	64 362	30,0%	214 481	73,8%
Blacks	2 899 000	85,4%	495 100	14,6%	3 394 100	58,4%
<b>Total</b>	4 269 090	80,1%	1 037 369	19,9%	5 306 457	8 528 640

'n Opname wat in 1981 deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes gemaak is, toon 544 blanke gesiggestremde/blinde leerlinge op skool aan. Tabel V (2 p. 6)

Table V: Pupils in schools for the visually handicapped 1981

	Pre-primary & Primary		Secondary		Vocational Classes		Total	% at school 5-19 group
Whites	332	61,0%	189	34,8%	23	4,2%	544	79 %
Coloureds	129	68,6%	34	18,1%	25	13,3%	188	33,8%
Asians	49	51,6%	46	48,4%	—	—	95	60,2%
Blacks	520	85,2%	51	8,5%	39	6,4%	610	18,6%
Total	1 030	71,7%	320	22,3%	87	6,0%	1 437	30,7%

Aangesien die jaartalle van die opnames verskil, is die berekening dat die aantal blanke gesiggestremde leerlinge 0,057% van die totale aantal blanke leerlinge op skool was, slegs by benadering korrek.

Tabel VI toon dat die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes bereken het dat gedurende 1981 ongeveer 71% van alle blanke gesiggestremde skoolgaande kinders deelsiende was; dit wil sê 29 persent was geheel blind. (2 p. 7)

Table VI: BLIND VS PARTIALLY SIGHTED IN SCHOOL FOR THE VISUALLY HANDICAPPED (DEAF-BLIND AND MENTALLY HANDICAPPED (67) EXCLUDED)\*

	Blind		Partially Sighted		Total	% Total visually handicapped
Whites	153	29,0%	375	71 %	528	76,2%
Coloureds	58	54,3%	74	45,7%	162	29,2%
Asians	13	14,8%	75	85,2%	88	56,7%
Blacks	411	69,4%	181	30,6%	592	18,0%
Total	655	48,5%	705	51,5%	1 370	

(2 p 7)

In die Republiek van Suid-Afrika is twee skole vir blanke blinde/gesiggestremde leerlinge. (129, 130)

1. Die Pionierskool te Worcester

Gedurende 1985 is die leerlingtal van hierdie skool 322; 5 musiekleerkrigte is aan die skool verbonde, 4 voltyds en 1 deelyds om onderrig in klavier, blokfluit, viool, teorie en Musiek as vak te gee; 42 leerlinge ontvang klavier- en 19 leerlinge teorie-onderrig; 5 leerlinge neem Musiek as vak. (15)

2. Die Prinshofskool te Pretoria

Die leerlingtal van hierdie skool is gedurende 1985 ongeveer 300; ongeveer 20 leerlinge is geheel blind, terwyl 280 deelsiende is; 75 leerlinge ontvang klavier- en 16 leerlinge kitaaronderrig; 1 leerling neem Musiek as vak. (16)

Die musiekleerlinge word vir die verskillende eksterne praktiese en teoretiese eksamenstelsels ingeskryf. (15, 16)

Albei genoemde skole voorsien buitengewone onderwys en ressorteer onder die Departement van Onderwys en

Kultuur (Administrasie : Volksraad). Die leerplanne en vakke word aangepas om aan die eiesoortige vereistes te voldoen, maar is op peil met die leerplanne en vakke wat in gewone skole gevolg word. (33, 117, 131)

Blinde leerlinge leer deur middel van braille, terwyl sommige deelsiende leerlinge onderrig met behulp van grootdruk ontvang. Die blinde leerlinge neem hulle aantekeninge in braille af en hulle handboeke is in braille. Tik is 'n verpligte vak reeds in die laerskool en word vir alle werk in drukskrif aangewend. (129, 130)

Gesiggestremdheid gaan meermale met fisiese en/of geestelike afwykings gepaard. Die akademiese voorring van leerlinge met ernstige afwykings is ontoereikend en sodanige persone vind in beskutte arbeid 'n heenkome. Dit is noodsaaklik dat 'n leerling wat hom/haar in 'n onderwysrigting wil bekwaam deur deelname in die buitewêreld so normaal moontlik ontwikkel. Die keuring vir 'n musiekloopbaan moet sodanig wees, dat die blinde musiekonderwyser nie 'n verleentheid vir sy kollegas en 'n onvleiende advertensie vir die beroep is nie. Die musikaal belowende leerling kwalifiseer nie noodwendig as suksesvolle onderwyser nie.

Hierdie stelling is op siende sowel as blinde leerlinge van toepassing. Die skrywer, Richard Colwell, beweer die volgende:

"Musicians like to believe that the more musical one is, the more successful he will be as a teacher; all evidence indicates this is not so. Some of the best teachers of music are elementary classroom teachers who know more about pedagogy than about any one subject matter area. Minimums are necessary for every area of knowledge to be taught, even at the first-grade level, and knowledge above the minimum certainly adds to the potentiality for successful teaching. Beyond that, however, are factors such as interest in and commitment to teaching, personality and leadership abilities, knowledge of methods and materials. This apply to all areas of teaching including music." (92 pp. 75-76)

#### 1.4 DIE BLINDE KLAVIERONDERWYSER

As musiekstudent volg die blinde persoon, soos sy siende medestudente 'n musiekkursus aan een of ander opvoedkundige inrigting. Die inhoud en peil van sy opleiding, eksamens en kwalifikasies is dieselfde as dié van die siende studente. Met behulp van

braille, 'n tikmasjien, bandopnamemasjien en sy geheue dra hy sorg dat sy vordering nie ongunstig met die studies van sy siende medestudente vergelyk nie. Soos 'n toegewyde siende student erkenning vir sy prestasies verwag, so verdien 'n blinde student erkenning indien hy aan die vereistes voldoen. Robert Barnett maak die volgende stelling in hierdie verband:

"You will discover their crying need to be recognised as human beings who can and do have the same thoughts, desires, ambitions, goals and frustrations that you experience. You will see that in every respect but one, they are the same as you." (144 p. XVI)

Onbevoegde persone kom onder blinde sowel as siende musiekleerkragte voor. Dit is nie die gebrek aan gesig wat 'n onderwyser onbevoeg vir sy taak maak nie, maar 'n gebrek aan dryfkrag en selfvertroue om sy eiesoortige probleme die hoof te bied. Daarenteen verdien die toegewyde opgeleide blinde klavierleerkrag die nodige erkenning van die gemeenskap. Die skrywer, Irving Lukoff, skryf tereg:

"Negative orientations toward the blind are a

tribunal to lack of information or experience with blind persons who are independent." (14 p. 10)

Die gemeenskap sal daartoe opgevoed moet word om die blinde klavieronderwyser met sy gebrek, wat nie noodwendig 'n tekortkoming is nie, te aanvaar.

Dit bly egter die verantwoordelikheid van die blinde klavierleerkrag om homself aanvaarbaar te maak vir die samelewing, sy kollegas en veral vir die siende leerlinge aan wie hy onderrig gee. Sy maniere, kleeddrag en veral sy optrede teenoor andere mag nooit aanstoot gee nie. Die blinde klavieronderwyser mag homself nooit as 'anders' of abnormaal beskou nie. Tereg skryf Dorothy Holmberg:

"It seemed most important to me when I began my lecture work that I impress people with my musical knowledge and with my personality rather than with the fact that I could not see. For this reason I never advertised myself as a blind lecturer or teacher." (5 p. 8)

In die onderwysberoep is daar siende klavierleerkragte wat nie vlot kan lees nie, wat oor weinig tegniese vaardigheid beskik en nooit hulle leerlinge met

hulle eie spel sal inspireer nie. So ook beoefen sommige blinde klavierleerkrigte hulle beroep sonder om hulle tegniese vaardigheid te ontwikkel. Alle klavierleerkrigte is dit aan hulle leerlinge verskuldig om met die nuutste tendense op die vakgebied tred te hou. Deur beluistering van plaatopnames, bywoning van studiekeringe, opknappingskursusse en deur bestudering van artikels in tydskrifte en boeke kan die siende en blinde leerkrigte hulle eie tegniese vaardigheid verbeter en hulle kennis uitbrei.

Deur middel van uitvoerings, die radio en veral televisie-uitsendings het die openbare mening ten opsigte van die gehalte van musiek sodanig ontwikkel, dat steeds hoër eise aan die leerling en die klavieronderwyser gestel word. Die skrywer, Edward Isaacs, som die situasie soos volg op:

"The teaching of the piano is generally improving - the understanding of the public of what is good, and what is not good, in the teaching of music is growing much more acute. If the blind teacher does not, at the very least, keep pace with the improvement which the musical public is beginning to recognise and insist upon, then the blind teacher will have only himself to blame." (1 vol. I p. 32)

Dit is vir die blinde klavierleerkrug van kardinale belang om van tyd tot tyd meesterklasse by 'n erken- de siende pianis te neem om moontlike foute in sy houding, handposisie en spel uit te skakel. Die opvoedkundige waarde van meesterklasse kan nie oor- beklemtoon word nie, aangesien dit die blinde kla- vierleerkrug die nodige selfvertroue, wat sy leer- linge tot voordeel sal strek, besorg.

Talle boeke, in braille beskikbaar, handel oor die tegniese vaardigheidsaspek van klavierspel en is waardevolle studiemateriaal soos onder meer A Prac- tical Guide for Blind Piano Teachers - Dorothy B. Holmberg, Louisville, Kentucky, American Printing House for the Blind, 1954; A Handbook for Blind Teachers of Music - Edward Isaacs et al, London, RNIB, 1945; Handbook on the Art of Teaching as Applied to Music - William Lovelock, London, Trinity College of Mu- sic, 1939; Musicus - Tydskrif van die Departement van Musiekek- samens, UNISA.

Die skrywer, Edward Isaacs, beveel aan:

"One way to improve the standard of teaching - all teaching - is to enlarge one's knowledge of the

accepted 'best' in one's subject, whatever that subject might be." (1 vol. I p. 32)

Omdat die blinde persoon nie op die visuele wêreld rondom hom kan steun nie, is hy op sy konsentrasievermoë, gehoor en geheue aangewys. Die voorstelling van dit wat hy ken, is vir die blinde persoon baie werklik. Daarom kan die blinde klavierleerkrug sy leerlinge leiding in konsentrasie, wye spronge oor die klawerbord, frasering, algemene reliëf van verskillende toonsoorte met betrekking tot die klaviatuur, asook in pedaalgebruik gee.

Gewoonlik word aanvaar dat 'n blinde persoon se gehoor baie goed ontwikkel is. Die blinde musiekleerkrug beskik nie noodwendig oor 'n beter gehoor as sy siende kollegas nie. Ten einde egter te vergoed vir wat hy visueel inboet, moet die blinde klavierleerkrug op sy gehoor staatmaak. 'n Musikaal geoefende gehoor stel hom in staat om selfs gevorderde leerlinge se spel te volg en om dadelik onnoukeurighede te identifiseer. Onnoukeurighede is nie slegs tot foutiewe note beperk nie; ook afwykings van verlangde toonduur, ritmiese versteurings en onbevredigende pedaaltoewending kan makliker deur die gehoor as deur die visuele vermoë van die klavierleerkrug waargeneem word. Stewart MacPherson

maak die volgende stelling:

"..... in learning music the eye is no help; only a HINDRANCE. One does not realize the truth of this until one has taught the blind." (7 p. 10)

Daar kan gekyk word hoe 'n leerling die pedale van 'n klavier gebruik, maar die gewenste effek word verkry wanneer die leerkrag en leerling konsentreer en luister. Ten opsigte van pedaalgebruik kan die blinde klavierleerkrag waardevolle leiding gee.

'n Betroubare geheue is 'n belangrike vereiste vir die blinde klavierleerkrag, veral omdat musiek in drukskrif nie vir hom toeganklik is nie.

Dit is opvoedkundig noodsaaklik vir die blinde klavierleerkrag om saam met sy leerlinge uitvoerings van erkende pianiste by te woon. Sodoende bied hy sy leerlinge die geleentheid om te kyk, te luister, te evalueer en te leer.

Die blinde klavierleerkrag moet as beroepsmens die agting van sy medemens afdwing. Die skrywer, Sinclair Logan, skryf die volgende in hierdie verband:

"A teacher must be gifted as a teacher, whatever he teaches, and the blind teacher must possess these gifts in such high degree that people will want

his service in spite of his blindness." (143 vol. III p. 6)

Dit is die plig van die blinde klavierleerkrager om op die hoogte van vernuwings in onderwystegniese en van musiekdidaktiese tendense te bly. Die skryfster, May Sabeston, 'n outoriteit op die gebied van die situasie van die blinde musiekleerkrager, maak die volgende stelling:

"A blind teacher, like any other teacher, must have a definite method of teaching, but I think it is extremely important that a blind teacher should keep interest and alertness alive by constantly introducing new music, new presentation of old ideas, and by the ever-popular projectwork so prevalent in schools today." (8 p. 200)

Ten spyte van vooroordele, want dié sal daar altyd wees, moet die blinde klavierleerkrager homself in die samelewing kan handhaaf. Daar was en is uitstaande blinde klavierleerkrager soos onder meer Thiberge. Die wêreldbekende pianis en klavierpedagoog, Alfred Cortot, het soveel vertroue in die blinde klavieronderwyser Thiberge gestel, dat hy hom

as klavieronderwyser aan die internasionaal bekende École Normale de Musique in Parys aangestel het. (143 vol. III p. 91)

Cortot het deur hierdie handeling minstens daarvan bewys gelewer dat hy blindheid hoegenaamd nie as 'n diskwalifikasie vir 'n klavierleerkrug beskou nie.

Die huidige blinde musiekleerlinge se gesindheid ten opsigte van die onderwysberoep met sy eiesoortige uitdagings sal bepaal of daar in die toekoms meer of minder poste deur blinde klavieronderwysers beklee sal word. Die skrywer, Sinclair Logan, doen die volgende aan die hand:

"First be well equipped, then be courageous - and remember that he who makes no mistakes makes nothing at all." (143 vol. III p. 49)

Die beeld van die onderwysberoep wat deur die blinde klavieronderwyser uitgedra word, word bepaal deur die erns en selfvertroue waarmee hy sy taak uitvoer. Die selfvertroue waarmee hy teenoor sy leerlinge en kollegas optree, berus op deeglike opleiding. Dit is bemoedigend om te meld dat, met die uitsondering van een blinde musiekonderwyser, alle ander

gesiggestremde musiekleerkrigte oor akademiese en/of professionele kwalifikasies beskik. (18 p. 2) (27)  
 Daar is blinde musiekleerkrigte wat prestasie-erkenning vir verdienstelike onderrig ontvang het. Die skryfster, May Sabeston, skryf tereg:

"I think that we must begin by facing the fact that it is by no way easy for a blind teacher to slip into a position in a school for seeing children. There are great difficulties to overcome, but these are mainly difficulties of prejudice, not of qualifications - blind musicians can hold their own in this respect any day." (8 p. 198)

#### 1.5 DEMOGRAFIE VAN BLINDE MUSIEKLEERKRIGTE

Deur middel van opnames is bevind dat gedurende 1985 slegs 15 blanke gesiggestremde musiekleerkrigte hulle beroep in die Republiek van Suid-Afrika beoefen; 14 persone het aan die Pionierskool te Worcester gematrikuleer en 1 aan die Prinshofskool in Pretoria. Van hierdie groep gesiggestremde musiekleerkrigte maak 4 nie van braille gebruik nie en die betrokke persone word vir die doel van die verhandeling nie in berekening gebring nie. Die ander 11 musiekleerkrigte maak van braille gebruik, hoewel 3 persone in hierdie groep deur middel van

optiese apparaat en elektroniese hulpmiddels gedeeltelike toegang tot drukskrif het. (17) (136)

Die volgende inligting is deur middel van briefwisseling met die onderwysdepartemente ingewin:

2 blinde musiekleerkrigte is in diens van die O.V.S. Onderwysdepartement (6),

2 blinde musiekleerkrigte is in diens van die Departement van Onderwys van die Kaap die Goeie Hoop (19),

2 blinde musiekleerkrigte is in diens van die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Volksraad) (39),

1 blinde musiekleerkrig beklee 'n lektorspos aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (25).

Slegs 4 blinde musiekleerkrigte gee private onder-  
rig, 1 in die Kaapprovinsie en 3 in Transvaal. (18 p. 2)

Genoemde 11 musiekleerkrigte se kwalifikasies sluit die volgende in:

Akademies	1 M Mus-
	1 Hons B Mus-graad
	3 B Mus-grade
	2 B A-grade

Professioneel 15 onderwyserslisensiate in Klavier, Musiekteorie, Skoolmusiek, Sang, Franse Horing, Trompet en Klarinet, 2 voordraerslisensiate in Klavier en Orrel. (18, 25, 26, 27)

Uit briefwisseling met die O.V.S. Onderwysdepartement, Departement van Onderwys van die Kaap die Goeie Hoop, sowel as die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Volksraad) is vasgestel dat genoemde onderwysinstellings in beginsel geen besware teen die indiensneming van blinde musiekleerkragte het nie, mits die applikante oor die nodige kwalifikasies beskik. (6, 19, 39)

Alhoewel die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Raad van Afgevaardigdes) en die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Raad van Verteenwoordigers) nie blinde musiekleerkragte in diens het nie, is albei in beginsel bereid om blinde musiekleerkragte aan te stel, indien voldoende gekwalifiseerd. (23, 38)

Die Departement van Onderwys en Opleiding het nie

blinde musiekleerkragte in diens nie. Genoemde departement het geen beginselbeswaar teen die aanstelling van gekwalifiseerde blinde persone wat 'n swart taal magtig is en oor 'n kennis van tradisionele etniese musiek beskik nie. (24)

Die Transvaalse Onderwysdepartement het geen blinde onderwysers in diens nie. Die betrokke onderwysinstelling huldig die standpunt:

"Afgesien van individuele musieklesse, is daar groeponderrig in teoretiese sowel as praktiese musiek, en is musiekmaak op verskillende instrumente, veral melodiese sowel as nie-melodiese slaginstrumente, verpligtend vir alle leerlinge in die musiekentrum. 'n Blinde persoon sou dit onder andere baie moeilik vind om 'n groepklas bestaande uit siende leerlinge te beheer, en ook om musiekteorie en -harmonie in groepverband aan te bied.

Volgens regulasies van die Onderwysdepartement, kan van 'n persoon wat 'n onderwyspos beklee verwag word om aan die organisasie en toesighouding van 'n skool se buitemuurse aktiwiteite deel te neem, iets wat 'n blinde persoon vanselfsprekend moeilik sal vind om te doen." (9)

Die Natalse Onderwysdepartement het geen blinde musiekonderwysers in diens nie en verstrek die volgende rede:

"Die rede waarom die departement nie blinde/gesiggestremde persone as musiekonderwysers in skole aanstel nie is dat daar van sulke onderwysers verwag word om ook in staat te wees om onderrig in 'n ander skoolvak te kan gee bv. tale, Aardrykskunde, Geskiedenis, ens. Al die studente wat musiekbeurse van die departement ontvang en wat aan universiteite in die musiekringting studeer, word verplig om ook 'n metodiekkursus in een of ander skoolvak te neem."

(10)

Die besware teen die indiensneming van blinde onderwysers berus op die veronderstelling dat die persone nie in staat is om groepwerk, buitemuurse bedrywighede en ander skoolvakke aan te bied nie.

Uit die aanhaling van die skrywer, Sinclair Logan, wat self 'n blinde skoolmusiekonderwyser in Engeland was, blyk dat blinde musiekleerkragte reeds sedert die jare veertig aldaar in skoolposte aangestel is.

"For your further encouragement, remember that the

board of education has issued a special recommendation to schools, that suitable blind teachers should be given a trial, and has approved their employment in schools." (143 vol. III p. 91)

In die Republiek van Suid-Afrika is tans 'n blinde musiekleerkrag aan 'n universiteit verbonde. Die betrokke lektor se onderrig sluit onder meer gehooropleiding in groepverband in. (25, 31)

'n Ander blinde musiekleerkrag is aan 'n tegniese kollege verbonde waar hy teorielesse aan groepe studente gee. (118)

Afgesien van genoemde twee musiekleerkragte, is 5 blinde persone aan skole verbonde waar hulle by die normale skoolopset inskakel. (18) Die betrokke musiekleerkragte se verpligtinge sluit groepwerk soos Musiek as vak en teorielesse in. 'n Blinde musiekleerkrag is aan 'n hoërskool verbonde waar hy die afgelope agtien jaar alleen vir die onderrig van Musiek as vak verantwoordelik is. Die betrokke leerkrag het ongeveer 13 jaar klasmusiek aan twee Vrystaatse hoërskole gegee. (44, 13, 11, 12)

Wat organisatoriese vermoëns betref, dien vermeld te word dat 'n blinde musiekleerkrag in 'n stadskool

met ongeveer 1 200 leerlinge en 'n personeeltal van bykans sewentig in 'n senior pos aangestel is. (32)

Ten opsigte van buitemuurse bedrywighede kan 'n blinde leerkrag byvoorbeeld die volgende aktiwiteite met sukses waarneem - skoolkoor, skoolorkes, ensembles, ACSV, Voortrekkers en debat. (18 p. 13)  
(Sien afbeelding 1)

AFBEELDING 1



Op sportgebied val skaak binne die vermoë van blinde persone. Een van die bekendste skaakafrigters aan skole in die Vrystaat en voorsitter van die Bloemfonteinse Skole Skaakunie vir meer as tien jaar, is 'n blinde klavieronderwyser. Die betrokke afrigter se span was vyf jaar agtereenvolgens die wenners van die Vrystaatse Skole Skaakkampioenskappe. Verskeie van die blinde skaakafrigter se leerlinge het die Vrystaat in landwye wedstryde verteenwoordig. (20)

Om musiekonderrig te gee, is die taak en verantwoordelikheid van 'n persoon wat oor die vereiste professionele kwalifikasies beskik om sy vak aan te bied, ongeag of hy kan sien of nie. Die skrywer, Oscar Cohen, maak die volgende bewering:

"The most destructive attitude toward people who are blind derives from the general denial of their capabilities." (145 p. 20)

HOOFSTUK 2 EIESOORTIGE PROBLEME VAN DIE BLINDE  
 KLAVIERONDERWYSER EN VOORGESTELDE  
 MOONTLIKE OPLOSSINGS

Die blinde klavierleerkrag in Suid-Afrika het met sekere basiese probleme te kampe. Die betrokke probleme is eie aan sy besondere situasie en elke leerkrag sal hulle na die beste van sy vermoë die hoof moet bied en sodoende sy beeld in die samelewing verbeter. Die skrywer, C. Owen Pollard, verklaar:

"By improving his own ability to cope, the blind person changes his social environment to his own advantage." (146 p. 51)

2.1 DIE HOUDING VAN DIE GEMEENSKAP TEENOR DIE  
 BLINDE

Die samelewing beskou blindes, soos ander gestremdes, nie soos "normale" mense nie. Die houding van die gemeenskap kan enersyds een van bejammering en oorbeskerming wees. In genoemde omstandighede word die blinde sy selfstandigheid ontnem en min geleentheid gebied om te toon waartoe hy in staat is. Andersyds word besondere gawes soos 'n buitengewoon goeie gehoor en geheue aan hom toegedig.

Indien 'n blinde persoon oor genoemde gawes beskik, hou dit nie verband met sy gebrek aan gesig nie. Die skrywer, Michael Mombeck, beweer die volgende:

"These attitudes would seem to be the most destructive to the acceptance and self-realization of blind people, consequently, they very properly receive the greatest attention in the literature. The idea that certain compensatory mechanisms, while seemingly a positive belief, nevertheless, is also negative in its effect, for it is a generalization (quite as inaccurate as the patently negative generalization) and it tends to set blind people apart from 'normal' people, to emphasize differences without regard to the larger number of characteristics shared by blind and non-blind people." (35 p. 18)

Dr. William Rowland, Direkteur van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, het hom in 'n referaat soos volg uitgespreek:

"Navorsing toon dat die siende se houding teenoor die blinde in die algemeen vol vooroordele en misvattinge is. Daar is ook bewyse dat sekere van die vooroordele so diep setel dat dit kwalik deur opvoeding van die publiek verander sal kan word." (3 p. 6)

Hierdie vooroordele is veral opmerklik wanneer sien-  
de en blinde persone vir die eerste keer met mekaar  
in aanraking kom in 'n omgewing en werkkring wat  
vir die blinde vreemd is. Tereg skryf die skrywer,  
Irving Lukoff:

"It is the way people feel about blindness and other  
disabilities that provide us with the keys to under-  
standing." (14 p. 5)

Irving Lukoff gaan voort:

"It is the relative lack of any guiding norms for  
situations where blind and sighted encounter each  
other that is the source of the problem." (14 p. 8)

Die oplossing vir genoemde probleme lê in die hou-  
ding en optrede van die blinde klavieronderwyser.  
Ten opsigte van die blinde klavierleerkrag se optre-  
de in die gemeenskap geld die volgende vier reëls:  
agting vir die waardigheid van die individu; kom-  
munikasie; lojaliteit teenoor en vertroue en geloof  
in sy medemens; die "Goue Reël" om mense te behan-  
del soos hyself behandel wil word. Die skrywer,  
Keith Snyder, stel die volgende ses gedragspatrone  
voor:

"... displaying interest outside oneself, smiling, speaking to people by name, listening to other people rather than always talking oneself, discussing the other person's interests, and making it possible for other people to feel important and successful." (88 p. 65)

Dit is belangrik dat die blinde klavierleerkrag sal belang stel in en deelneem aan skoolaktiwiteite soos sport, kultuurverenigings, skoolkonserte en fondsin-samelings.

'n Gekwalifiseerde blinde klavieronderwyser kan deur harde werk, toewyding en verantwoordelikheid sy eie beeld verbeter en vir homself 'n status verworf wat agting afdwing. Uit vraelyste aan oudleerlinge het aan die lig gekom dat die leerlinge en hulle ouers volkome vertrouwe in die onderrig van die blinde musiekleerkragte het. (29 p. 5)

## 2.2 DIE MOONTLIKHEID OM 'N BETREKKING TE BEKOM

Vir blanke blinde musiekonderwysers in Suid-Afrika is dit moontlik om permanente aanstellings in die O.V.S. Onderwysdepartement, die Onderwysdepartement van die Kaap die Goëie Hoop en die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Volksraad) te

bekom, mits hulle oor die vereiste kwalifikasies beskik. (6, 19, 39) By genoemde drie onderwysinstellings is aanstellings nie slegs tot laerskole en skole op die platteland beperk nie. (44)

In Transvaal en Natal word opgeleide blinde musiekleerkrigte nie in departementele poste aangestel nie. (9, 10)

Deur die verskaffing van inligting ten opsigte van blinde musiekleerkrigte wat in die O.V.S. Onderwysdepartement, die Departement van Onderwys van die Kaap die Goeie Hoop en die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Volksraad) jarelange suksesvolle onderrig gegee het, kan daarna uitgesien word dat die Transvaalse Onderwysdepartement en die Natalse Onderwysdepartement blinde musici die geleentheid sal bied om hulself te bewys.

Diskriminasie word wêreldwyd veroordeel en tog word dit telkens weer ondervind. Die skrywer, Oscar Cohen, skryf in hierdie verband:

"In considering attitudes toward the blind, one cannot separate the phenomenon of prejudice from discrimination for they feed on each other." (145 p. 23)

'n Amerikaanse senator, Jennings Randolph, skryf:

"So many of the acts of discrimination visited on the blind are committed by well-intentioned individuals who are just ignorant of the capabilities of blind people and the practical problems they face." (4 p. XI)

### 2.3 MOBILITEIT

Die deelsiende musiekleerkrag het weinig probleme in verband met mobiliteit aangesien hy onafhanklik van die hulp van siende persone na en van sy werkring kan beweeg. Vanweë hierdie selfstandigheid kan hy feitlik normaal met sy siende kollegas in die skoolopset verkeer.

Die geheel blinde persoon het 'n probleem omdat sy vryheid van beweging deur sy gebrek aan gesig aan bande gelê word. Dit is noodsaaklik dat die blinde leerkrag gereeld en betyds na en vanaf sy musiekkamer beweeg. 'n Blinde leerkrag wat naby sy werk woon, kan van 'n kiere en/of 'n gidshond gebruik maak. Deur 'n saamryklub van siende kollegas kan die vervoerprobleem doeltreffend die hoof gebied word. Sommige geheel blinde persone beskik oor die vermoë om hulself sodanig te oriënteer, dat

hulle feitlik onafhanklik in hulle werkkring kan beweeg. Omdat die mens 'n sosiale wese is, kan die blinde musiekleerkrag deur inskakeling met sy siende kollegas op hulle bedagsaamheid staatmaak. Dit is belangrik dat die blinde musiekleerkrag homself aanvaarbaar vir sy kollegas maak en nie opsigtelik eise aan hulle stel nie.

#### 2.4 DIE KLASKAMERSITUASIE

Bedenkinge oor die blinde musiekleerkrag in die klaskameropset word geopper. Daar bestaan onsekerheid oor die noukeurigheid van sy leerlinge se spel en sy vermoë om deeglike kontrole uit te oefen. Met behulp van sy braillemusiekkopie, sy geheue en 'n geoefende gehoor is die blinde klavierleerkrag in staat om aan sy leerlinge 'n hoë peil van praktiese onderrig te gee. Die opgeleide klavierleerkrag beskik oor die vaardigheid om in braille die musiek wat deur leerlinge ingestudeer word deeglik te kontroleer. Opvoedkundig is dit van kardinale belang dat die blinde klavierleerkrag gevorderde musiekstukke vooraf instudeer en memoriseer. Sodoende kan hy dadelik onnoukeurighede identifiseer en regstel.

Met betrekking tot groepwerk soos Musiekteorie,

Harmonie en Gehooropleiding ondervind die blinde klavierleerkrage nie onoorkomelike probleme nie. Die aanwending van hulpmiddels is noodsaaklik en die leerkrage moet voortdurend daarop ingestel wees om die leerlinge se belangstelling en leergierigheid te prikkel. Die skryfsters, Rita C. Lam en Cecilia Wang, skryf die volgende in hierdie verband:

"Children love the variety provided by the different learning aids, which are indispensable in making music learning enjoyable and, at the same time, making the learning process easier." (45 p. 44)

Met behulp van rame en borde word teorielesse aanskoulik aangebied. Vir die onderrig van Harmonie en Praktiese Musiekleer is die klavier die geskikste hulpmiddel.

Die nasien van skriftelike werk kan op verskeie maniere suksesvol uitgevoer word. Die getroude blinde musiekleerkrage maak van die hulp van sy eggenote gebruik. Daar kan ook op die bystand van 'n vriend, kollega en gevorderde leerlinge gesteun word. Klaswerk word in die klaskamer onmiddellik na die les deur die onderwyser nagegaan en deur die leerlinge, wat hulle boeke omgeruil het, gekontroleer. Hierdie

nasienmetode is 'n aanvaarde gebruik in die klas-kamersituasie van die siende leerkrag en word suksesvol deur blinde musiekleerkrage aangewend. (18 p. 9)

## 2.5 DISSIPLINE

Goeie dissipline is 'n integrale deel van onderwys. In 'n skool waar leerlinge aan dissipline gewoond is, is dit nie vir die blinde klavierleerkrage moeilik om beheer uit te oefen nie. Die blinde klavierleerkrage wat die agting van sy leerlinge geniet, vind dat hy hulle volkome kan vertrou. Die blinde klavierpedagoog, Edward Isaacs, stel dit so:

"A child soon learns to accept with innate sympathy the fact that blindness in a teacher need be no bar to happy personal relations between them, relations based upon what the child discovers to be strong and good, musically and personally, in his blind teacher's character and general atmosphere."  
(1 vol. I p. 37)

Die wyse waarop die leerstof vir die leerlinge aangebied word, is van deurslaggewende belang. Tydens 'n seminar het die skryfster, May Sabeston, haar soos volg uitgespreek:

"The best way of having a well-behaved class is to have an interested class. If you can make your lessons sufficiently varied and interesting, whether you are blind or not, you will have an attentive class who won't misbehave." (8 p. 198)

Blinde musiekleerkrigte wat met klasmusiek gemoeid is, bevind hulle in die situasie dat hulle soms lesse aan verskeie groepe leerlinge in 'n skoolsaal moet aanbied. Hierdie probleem kan met die vriendelike samewerking van 'n siende kollega oorkom word. Die ervare musiekleerkrig, May Sabeston, hanteer die situasie soos volg:

"At least once a week, I take the whole school together in the school hall. With so many children, I like to have the help of another teacher, and I don't feel at all badly about this, as any sighted teacher taking so many children would do the same thing." (8 p. 198)

## 2.6 PROBLEME TEN OPSIGTE VAN MUSIEK IN BRAILLE

Wanneer 'n eksaminerende liggaam werke vir klavier-ouderrig voorskryf, is die blinde klavierouderwyser van die beskikbaarheid van die musiek in braille

afhanklik. Die twee eksaminerende instellings waarmee die blinde klavierleerkrag in Suid-Afrika moet saamwerk, is The Associated Board of the Royal Schools of Music (ASB) en die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA).

Die musiekeksamens van die ASB word in verskeie lande van die wêreld afgeneem. Die diens van die Royal National Institute for the Blind (RNIB), wat die braillelyste beskikbaar stel, is uiters doeltreffend. Die ASB gee jaarliks nuwe eksamenlyste uit en die RNIB druk die musiekstukke wat nie reeds in braille beskikbaar is nie, onmiddellik in braille. Die voorsiening is so effektief, dat die braillelyste reeds aan die einde van die vorige jaar en nie later nie as die begin van die betrokke jaar in Suid-Afrika beskikbaar is. Die eksamens van die ASB behoort om die volgende redes nie as plaasvervangend vir die eksamens van UNISA aangebied te word nie:

1. Die professionele kwalifikasies van musiekleerkragte deur die ASB verwerf, word nie deur sommige onderwysinstellings in Suid-Afrika erken nie.
2. Die beherende liggaam is 'n buitelandse instansie.

3. Die eksaminatore is Engelssprekend; Afrikaanssprekende leerlinge, veral by die laer grade, ondervind kommunikasieprobleme.

Die musiekeksamens van die Universiteit van Suid-Afrika is van hoogstaande gehalte. Gereelde musiekkursusse word aangebied, waartydens nuwe voorgeskrewe werke deur kenners voorgespeel word. Vir die blinde klavierleerkrag is die musiekkursusse van onskatbare waarde, omdat hy nie van die blad kan speel nie en op hierdie wyse 'n geheelindruk van die voorgeskrewe werke kry. (103)

Die verspreiding van die UNISA-eksamenbundels word deur die drukkerij van die Pionierskool te Worcester gedoen. Die afsetgebied is uiters beperk as gevolg van die klein aantal blinde klavierleerkragte in Suid-Afrika. Die eksamenlyste word nooit in hulle geheel in braille gedruk nie. Eers word vasgestel of van die voorgeskrewe werke nie reeds in vorige lyste verskyn nie. Indien die musiekstukke nie in Suid-Afrika beskikbaar is nie, word katalogusse van verskeie oorsese drukkerijeraadpleeg en verskeie uitgawes vergelyk. (22) Indien die musiekstukke in die buiteland beskikbaar is, word bestellings geplaas. Maande kan verloop voor aflewering geskied. Eers dan word die beskikbare werke deur die

Braillemusiekbiblioteek te Worcester aan die blinde klavierleerkrigte op aanvraag geleen. (28)

Vir die kontrolering van musiekuitgawes word 'n persoon wat kennis van biblioteekwese, tale, braillemusiek en musiekonderwys dra, in die Braillemusiekbiblioteek benodig. Genoemde kwalifikasies kan nouliks van 'n siende persoon verwag word. 'n Blinde persoon met bogenoemde kwalifikasies en die nodige ondervinding behoort permanent in die braillemusiekbiblioteekpos aangestel te word.


Indien voorgeskrewe musiekwerke in die UNISA-eksamenlyste nie in braille beskikbaar is nie, kan hierdie werke op aanvraag deur die Brailledrukkery te Worcester oorgeskryf word. Ongelukkig beskik die drukkery oor die dienste van slegs een siende persoon wat musiek in braille oorskryf en dit lei tot vertraging. Die oplossing vir hierdie probleem is om van vrywillige kopieerders gebruik te maak, 'n praktyk wat in die buiteland met groot welslae aangewend word.

Die verskaffing van braillemusiek in Suid-Afrika moet verbeter in belang van die professionele blinde musiekleerkrig, wat ten spyte van vertraging in die

voorsiening van braillemusiek sy beroep moet beoefen. Die situasie waarin die blinde musiekleerkrag hom bevind, is onbenydenswaardig, aangesien sy siende kollegas en sy siende leerlinge hulle eksamenlyste maande voor hom tot hulle beskikking het.

Braille is die lees- en skryfmedium van die blinde en sy enigste werklike kontak met die geskrewe woord en musiek. (Sien afbeelding 1)

AFBEELDING 1



## HOOFSTUK 3 BRAILLE

## 3.1 DIE GESKIEDENIS VAN BRAILLE

"In 1829 the publication Procédé pour Ecrire les Paroles, la Musique et la Plain-Chant au Moyen de Points by Louis Braille (1809-1852) officially brought to the world the system of raised dot notation now in universal use. This document proposed a system of braille music characters as well as a braille alphabet. The alphabet was essentially the same as the one we know today, but the music code was completely revised by Braille during the next five years." (21 p. 13)

Hierdie stelsel is teen die middel van die negentiende eeu in Frankryk aanvaar. Intussen is in ander lande met drukskrif in reliëf geëksperimenteer ten einde dit vir blinde persone toeganklik te maak. Laasgenoemde metode het nie wye inslag gevind nie hoofsaaklik omdat die blinde persoon hierdie skrif nie sou kon skryf nie.

In 1888 is die eerste Braillekongres te Keulen gehou. Hoewel op hierdie kongres slegs Frankryk, Duitsland, Denemarke, Engeland en die Verenigde State van Amerika verteenwoordig was, is braille

internasionaal aanvaar. (21 p. 14) Twee verdere Braillekongresse sou volg, in 1929 in Parys en in 1954 onder leiding van UNESCO weer in Parys. Die betrokke kongresse het die standaardisering van braille ten doel gehad. (21 p. 19)


Een van die gevolge van hierdie kongresse was dat brailledrukkerye, wat die druk en verspreiding van braille onderneem het, in verskeie Europese lande en in Amerika tot stand gekom het. (22) Vir die blinde klavierleerkrag in Suid-Afrika is veral twee brailledrukkerye van belang, naamlik die Royal National Institute for the Blind in Londen en die drukkery van die Pionierskool te Worcester. Beide drukkerye druk lektuur en musiek in braille. Die brailledrukkery van Brailledienste in Johannesburg voorsien slegs lektuur.

### 3.2 DIE BRAILLESEL

Die braillesel bestaan uit 6 puntjies wat in twee vertikale rytjies van 3 elk gerangskik is. Uit die sel kan 63 verskillende samestellings gemaak word. (34 vol. III p. 369) Hierdie 63 simbole verteenwoordig die alfabet, leestekens, syfers en die volledige braillemusiekstelsel. (147) Blinde persone beskik

oor die apparaat waarmee braille geskryf word. Beskikbare skryfmasjiene is onder meer die Stainsby, Hall Braillewriter, Perkins en Marpurg. (Sien afbeelding 1)

AFBEELDING 1 : Hall Braillewriter



### 3.3 DIE ALFABET

Verskillende samestellings uit die boonste vier puntjies van die braillesel word vir die eerste 10 letters van a tot j gebruik; hierdie samestellings met die byvoeging van die onderste puntjie in die eerste ry word vir die volgende 10 letters van k tot t gebruik. Vir die laaste 5 letters u, v,

x, y, z (w is later bygevoeg omdat dit nie in die Franse alfabet voorkom nie) word die samestellings van a tot e met die byvoeging van die onderste puntjies van die twee rytjies gebruik. In die volgende voorbeelde word die alfabet in braille met die ooreenstemmende letters in drukskrif vergelyk. (Sien afbeelings 2, 3 en 4)

## AFBEELDING 2

a    b    c    d    e    f    g    h    i    j

## AFBEELDING 3

k    l    m    n    o    p    q    r    s    t

## AFBEELDING 4

u    v    x    y    z    w

## 3.4 LEESTEKENS

Vir leestekens word verskillende samestellings uit

die onderste vier puntjies van die braillesel maak. Die simbole stem met dié van sommige letters ooreen, maar verskyn effens laer. (Sien afbeelding 5)

#### AFBEELDING 5

sel , ; : . ! ?

#### 3.5 SYFERS

'n Samestelling, die syferteken genoem, word gebruik om aan te dui dat die samestellings wat volg, nie letters nie, maar syfers is. Die samestellings wat vir die letters a tot i gebruik word, stel die syfers 1 tot 9 voor; j dui die 0 aan. (Sien afbeelding 6)

#### AFBEELDING 6

1 2 1 0 , 9 8 7

#### 3.6 BRAILLEMUSIEK

Die samestellings wat gebruik word om die alfabet,

leestekens en syfers voor te stel, word ook vir braillemusiek aangewend. In braillemusiek word nie van 'n notebalk gebruik gemaak nie. Die klawerbord word in sewe oktawe ingedeel en waar nodig, verskyn 'n oktaafteken voor 'n noot om sy ligging op die klawerbord aan te dui. Weens die afwesigheid van 'n notebalk en omdat dieselfde 63 samestellings vir lektuur, syfers en braillemusiek gebruik word, sal die oningeligte nie weet of hy met 'n koekresep, 'n Wiskunde probleem of die Maanligsonate te doen het nie.

Slegs die sewe samestellings wat die letters d tot en met j voorstel, word vir die braillenotasie c tot en met b gebruik. Braillemusiek bestaan in wese uit die brailleletters d, e, f, g, h, i, j, wat soos teks horisontaal geskryf word; akkoorde verskyn vertikaal. Omdat die betrokke simbole slegs uit samestellings van die boonste vier puntjies van die braillesel bestaan, word die onderste twee puntjies gebruik om die verskillende nootwaardes aan te dui. Die oktaafteken voor 'n simbool bepaal die toonhoogte.

Braillemusiek is 'n presiese weergawe van die musiek in drukskrif - note, vingersettings, rustekens, fraserings, dinamiek en alle ander aanduidings. Die

samestellings en horisontale skryfwyse veroorsaak dat die braillekopie aansienlik lywiger as die drukskrifweergawe is. In die volgende voorbeelde word balkskrifnotasie met ooreenstemmende brailleweergawes vergelyk. (Sien afbeeldings 7, 8, 9, 10, 11, 12)


AFBEELDING 7




AFBEELDING 8



AFBEELDING 9



AFBEELDING 10



AFBEELDING 11

Musical notation for Afbeelding 11. It features a single treble clef staff with a key signature of two sharps (F# and C#) and a 6/8 time signature. The melody consists of three notes: a quarter note on G4 (marked with a forte 'f' dynamic and a fingering '1'), a quarter note on A4, and a dotted quarter note on B4. Below the staff are two sets of empty five-line staves, one on the left and one on the right.

Musical notation for Afbeelding 12. It features a single treble clef staff with a key signature of two sharps (F# and C#). The melody consists of six notes: a quarter note on G4 (marked with a triplet '3'), a quarter note on A4, a quarter note on B4 (marked with an accent '>'), a quarter note on C5, a quarter note on B4 (marked with a flat 'b'), and a quarter note on A4. The piece ends with a double bar line and repeat dots. Below the staff are two sets of empty five-line staves, one on the left and one on the right.

AFBEELDING 12 (Speel asseblief.)

Vir die skryf van braillemusiek kan een van drie stelsels aangewend word. Die oudste skryfwyse is die paragraafstelsel waarin ongeveer agt mate in die G-sleutel horisontaal geskryf word, gevolg deur dieselfde fragment se musiek vir die F-sleutel. Die betrokke skryfwyse is deur twee moderner stelsels, te wete die maat-vir-maatstelsel en die maat-oor-maatmetode vervang. Volgens die maat-vir-maatstelsel word elke maat musiek in die F-sleutel horisontaal deur die musiek vir die G-sleutel gevolg. In die maat-oor-maatmetode word die musiek in die G-sleutel bokant die musiek in die F-sleutel geskryf. In musiek volgens laasgenoemde skryfwyse word die akkoorde vertikaal gelees. (Sien afbeelding 13)

AFBEELDING 13



Die opgeleide blinde klavierleerkrag is met die

betrokke skryfwyses vertrouwd. Aangesien braille met die vingers noot-vir-noot gelees word, het die blinde musiekleerkrug aanvanklik nie 'n geheelbeeld van die musiek nie. Hierdie leestegniek is voldoende om 'n siende leerling se praktiese werk te kontroleer terwyl dit ingestudeer word, maar hoegenaamd nie flink genoeg om die vinnige spel van 'n gevorderde leerling te volg nie. Die blinde klavieronderwyser kan die beste leiding gee en 'n goeie voorbeeld stel deur die betrokke musiekstuk in te studeer en van buite te leer. Die braillemusiek dien verder slegs as naslaanwerk.

### 3.7 AGTPUNTBRAILLE

Agtpuntbraille is 'n samestelling van 2 vertikale rytjies van 4 puntjies elk. Samestellings van agtpuntbraille word vir snelskrif en rekenaardoeleindes gebruik. (112, 113)

### 3.8 DIE BESKIKBAARHEID VAN BRAILLEMUSIEK

Die voornemende blinde klavierleerkrug bou 'n klein biblioteek van braillemusiekboeke geskik vir onder-  
rigdoeleindes op. Omdat die blinde klavierleerkrug se leerlinge van beginners tot kandidate vir Graad VIII (UNISA) en Graad VIII (ASB) kan insluit en

omdat daar vir eksamens en kunsfeeste gewerk word, brei die boekery met die jare aansienlik uit. Die skryfster, Dorothy Holmberg, stel dit soos volg:

"The foremost need for the person embarking on a teaching career is the study of braille music and the collecting of a library of music in braille type. The musician approaching this new system will be delighted to find that he has at his fingertips a complete copy of the music as it appears in ink-print. In addition to notes, time and fingering, braille music reproduces every sign of phrasing, dynamics and expression." (5 p. 9)

Die blinde klavierleerkrag ondervind geen probleme indien 'n betrokke werk in braille tot sy beskikking is nie. Omdat braillemusiek 'n presiese weergawe is van wat in drukskrif verskyn, kan die blinde musiekleerkrag met behulp van die braillekopie meeding met sy siende kollegas wat noukeurige onderrig en spel van sy leerlinge betref. Die skryfster, Dorothy Holmberg, beveel aan:

"Blind teachers must make every effort to meet the competition of other teachers in their community. Never allow your handicap to deprive your pupils of

any feature of musical education which they might find in studying with a sighted teacher. Indeed, you can and should excel them in the quality of your work and in the ability to interest your pupils in every phase of musical culture." (5 p. 50)

## HOOFSTUK 4 NOTASIE

## 4.1 DIE ONDERRIG VAN NOTASIE AAN BLINDE LEERLINGE

By die onderrig van geheel blinde persone word daar uitsluitlik van braille gebruik gemaak. Gevolglik is blindes se kennis van drukskrif en veral balkskrif slegs van aanvullende aard. Gedurende hulle musiekopleiding ontvang geheel blinde leerlinge egter 'n basiese onderrig in balkskrif. (28, 41) Vir die onderrig van notasie word daar van boeke, waarin musieksimbole in reliëf gedruk is, gebruik gemaak. (52, 53, 54, 55) Waardevolle hulpmiddels by die onderrig van musiek in drukskrif aan blinde leerlinge is onder meer die Beetz Notation-Graph en Hoare Magnetic Music Notator. (56)

Dit is van kardinale belang dat die blinde musiekleerkrig oor 'n grondige kennis van musiek in drukskrif sal beskik, alvorens hy onderrig aan siende leerlinge gee. In sy aanbieding van praktiese en teoretiese lesse sal daar van die blinde klavierleerkrig verwag word om simbole in balkskrif en die gebruik van sodanige simbole aan sy siende leerlinge te verduidelik. By die onderrig van gevorderde leerlinge sal die klem veral op vertolkingsaanwysings asook versierings val, aangesien


hierdie leerlinge reeds met musieknotasie vertrouwd is. Beginners se leesvermoë en verdere vordering hang egter van die onderrig en leiding van die blinde klavierleerkrag af. Hierdie belangrike faset van musiekonderrig moet met verantwoordelikeheid en insig deur die blinde klavierleerkrag benader word.

In die Verenigde State van Amerika word die Optacon in skole waar blindes onderrig in musiek ontvang vir die aanleer van notasie gebruik. (48)

Die Optacon is 'n draagbare, batteryaangedrewe eenheid 5 x 15 x 20 cm en weeg ongeveer 1,81 kg. Die Optacon bestaan uit drie onderdele, te wete die kameramodule wat in die regterhand gehou word, die elektroniese eenheid en die tasoppervlakte vir gebruik deur die linkerhand. (47) Die kamera, wat so groot soos 'n klein sakmes is, dek 'n oppervlakte van ongeveer 2,5 x 3,8 cm. Die kamera word stadig in 'n horisontale lyn oor die drukskrif beweeg en stuur impulse na die taktiele eenheid waar 'n vibrerende beeld met die voorvinger van die linkerhand gevoel word. Hierdie vibrerende beeld word deur 'n samestelling van 144 baie klein puntjies, geraagskik in 24 rye van 6 kolomme, voorgestel. Die visuele monitor wat slegs in opleiding

gebruik word, toon die letter "S". (Sien afbeelding 1)

AFBEELDING 1



The Optacon translates the image picked up by the camera in the woman's right hand into a vibrating image of the same shape that she can feel with the index finger of her left hand. This image is produced by 144 pins arranged in 24 rows and 6 columns. The visual monitor (which is used during training only) shows which pins are vibrating; here they form the shape of a letter "S." As the reader moves the camera along a line of print she can feel each letter of each word.

10

Nagenoeg negeduisend Optacons is in ongeveer ses-en-sestig lande in gebruik. (50) Verskillende lense kan vir die Optacon gebruik word. Deur middel van die verskillende lense kan verskillende

groottes drukskrif, tot so klein soos 4 punt, gelees word. (49) (Sien afbeelding 2)

## AFBEELDING 2

Examples of print sizes readable with the Optacon:

The Optacon with the U.S. model can read 4 point type.

The Optacon reads as small as 6 point type.

The Optacon Reads 12 point type.

The Optacon reads up to 20 point type.

Omdat die leestempo met behulp van die Optacon baie stadig (letter vir letter) is, word die hulpmiddel hoofsaaklik vir data gebruik. Die Optacon is nie geskik om 'n leerling se spel van bladmusiek te kontroleer nie. (46 p. 18)

Die boek A Curriculum for Teaching Optacon Music Reading - Sandra Levinson M.Ed., CMT en Kenneth Bruscia Ph.D., CMT is 'n stap-vir-stap handleiding vir die gebruik van die Optacon in musiekonderrig. (48) Genoemde handleiding is by Tembrook Press, 23 Copper Beach Drive, Lafayette Hill, Pa 19444, USA verkrygbaar.

Die Optacon word deur Telesensory Systems Incorporated, P.O. Box 7455, Mountain View, CA 94039-7455

USA versprei. Dit kan egter op bestelling deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, Posbus 11149, Brooklyn 0011 (telefoon 012-346-1171) ingevoer word.

Touch Vision is 'n apparaat soos die Optacon. Dit is goedkoper as die Optacon. Navrae kan aan Dr S. Ishiguro, 9 Grange Close, Guildford, Surrey, England gerig word. (42)

Deelsiende leerlinge, wat ongeveer sewentig persent van alle gesiggestremde leerlinge verteenwoordig, kan musiek in drukskrif leer deur middel van groot-skrif, waar die oorspronklike kopie tot 150 persent vergroot is. (Sien afbeelding 3)

## AFBEELDING 3

## AIN BOER WOL NOAR ZIEN NOABER TOU

bew. Marie Veldhuyzen



- |         |        |       |      |      |     |     |      |          |       |       |     |
|---------|--------|-------|------|------|-----|-----|------|----------|-------|-------|-----|
| 1. Ain  | boer   | wol   | noar | zien | noa | ber | tou, |          |       |       |     |
| 2. Nee  | wief   | doe   | most |      | toe | -   | ze   | bliw     | n     |       |     |
| 3. Dou  | boer   | weer  | in   |      | hoe | -   | ze   | kwam.    | hai,  | boer, | hai |
| 4. Maar | t'wief | kreeg | tou  |      | bè  | -   | re   | -        | stok, |       |     |
| 5. En   | boer   | yong  | noar | zien | noa | -   | ber  | kloag'n: |       |       |     |
| 6. En   | noa    | -     | ber  | zee: | net | zie | zo:  |          |       |       |     |

Die grootte van die drukskrif kan egter wissel volgens die vermoë van die leerlinge; sommige leerlinge verkies selfs gewone drukskrif. Vir deelsiende leerlinge is talle optiese hulpmiddels soos onder meer die Copeland Cone en Lastron-lees=apparaat beskikbaar. Elektroniese hulpmiddels soos die Visualtek, Magnilink en Viewscan word doeltreffend deur deelsiende persone benut. (Blaai asseblief om vir afbeeldings 4, 5 en 6)

AFBREEDING 4

# VISIONAID SYSTEMS

*Philip WARRD*

VISIONAID SYSTEMS  
 ENTERPRISE WORKSHOPS  
 RIVERSIDE WAY, THE MEADOWS  
 NOTTINGHAM NG2 1FG  
 TEL: (0602) 864732

## VOYAGER SERIES

BY

# VISUALTEK

The one-piece basic Voyager includes a handle on top for maximum portability, and weighs less than 30 pounds, complete with a 12" diagonal display screen and viewing table.

**VARIABLE PRINT SIZE**, which permits magnification up to 45x, easily adjusted by the user. Whatever the size of the original print, and whatever your needs, you can display in a size which is convenient for you to use.

**IMAGE CONTRAST ENHANCEMENT**, which means that the brightness and sharpness of the letters is significantly improved, making it easier for you to read. You can also select "positive" (black letters on white background) or "negative" (white letters on black background), for your own personal ease and reading comfort.

**CLUSTERED CONTROL PANEL**, for ease of use, with all important controls in an easy-to-reach area right in front of you. Best of all, all controls can be located by touch alone!



**MOVABLE VIEWING TABLE**, so that even the heaviest book can be moved about with fingertip control for reading ease and comfort.

**FLUORESCENT LIGHTING** (built-in) to illuminate your reading material evenly, regardless of room lighting conditions.

**ATTRACTIVE STYLING**, so that whatever Voyager model you choose will fit well with any decor in your home, office, or school.

**GREEN TUBE**, one special Voyager model is available with a green display screen for easier viewing, at no extra cost.

**VOYAGER Model VR-1**



**VOYAGER XL**

The Voyager XL features an extra monitor and extra magnification power... up to 60x original size! It has the same basic features as the one-piece Voyager described above.

The two-piece Voyager XL has a 'reading section', containing the camera, lens, and built-in illumination, which weighs less than 18 pounds. Ordinarily, it is used with a large 19" diagonal display screen (see photo above). Since the reading section and the display screen are separate, the reading section may be transported easily from office to home and back again. The reading section may be used either with another display screen or with an ordinary TV receiver by use of the RF adapter.

The Voyager XL may be ordered with an optional feature, **COMPACT LEGS**, which makes the reading section the most portable low vision aid in the world. **COMPACT LEGS** are removable from the reading section for travel and reattach easily when set up again. The XL-CL option includes a special protective carrying case and additional handle for easy transport.

# Magnilink offers various options.

There are five variants to suit different countries' TV systems. In order to achieve an even greater picture quality, there is one variant for connection to industrial monitors, and another for connection to an existing closed-circuit TV system such as a telephone for the deaf, monitor, etc.


Here are some examples of how Magnilink can be put to use. The camera is fitted in the holder and the extra illumination unit attached. This provides a better overall view and leaves your hands free to write or do other jobs.




Filling in forms and other documents can be a major problem, which is now made easier.



You can also read the writing on small packages or medicine bottles, or do line mechanical jobs.







A special optical head is fitted directly to a portable typewriter.



With Magnilink you can look at your favourite pictures in the family album.

## Optical head data.


	OPTICAL HEAD TYPE :	FOCUSING DEPTH			DEPTH OF FOCUS		
		12"	17"	24"	MIN. MAGN.	MAX. MAGN.	
	HAND-HELD	0-100 mm*	9-27 times 3-14 times	13-38 times 5-23 times	18-54 times 7-27 times	30 mm 100 mm	10 mm 50 mm
	TYPEWRITER		6, 9, 14 times	9, 14, 20 times	12, 18, 28 times		
	LONG-RANGE	1 m - ∞ at 3 m	0.15-0.9 times	0.2-1.2 times**	0.3-1.8 times	1.8 m	0.3 m**
	COMPUTER TERMINAL		14 times	20 times	28 times		

\* requires extra illumination.

\*\* practical magnification at 0.3 m viewing distance: 1.5-9 times, 2-12 times and 3-18 respectively

\*\*\* illumination approx. 500 lux (at 0.3 m) and 25 lux for good contrast

AFBEELDING 6



**Viewscan**

**The first truly portable electronic reading aid for the partially sighted**

#### 4.2 DIE ONDERRIG VAN NOTASIE AAN SIENDE LEERLINGE DEUR DIE BLINDE KLAVIERLEERKRAG

Met die ontwikkeling van die tegnologie word daar gereeld nuwe uitvindings gevoeg by die bestaande lys van hulpmiddels wat ontwerp is om gesiggestremde persone se taak te vergemaklik. Hulpmiddels is onontbeerlik vir die blinde klavierleerkrag in die beoefening van sy beroep. Enersyds stel hulpmiddels die blinde persoon in staat om 'n deeglike kennis van balkskrif op te doen en andersyds is hulpmiddels noodsaaklik in die onderrigproses van siende leerlinge. Die skryfster, May Sabeston, skryf tereg in hierdie verband:

"I think that it is very important for the blind teacher to try to realise just how important sight is to a seeing child's education. Blind people use touch and sound to help them to memorise, and it is so easy for us to overlook the seeing child's need for visual aids. I used to think it was enough to describe things, but I soon learned how wrong I was about this, and I know that it is worth going to a great deal of trouble to get good diagrams, pictures etc., so that I can give my pupils as accurate visual illustrations as possible. Sets

of pictures of instruments of the orchestra are very useful in this respect, and similar pictures with which it is possible to decorate the music room." (8 pp. 199-200)

#### 4.2.1 MEDIA BY DIE ONDERRIG VAN NOTASIE AAN SIEN- DE LEERLINGE

##### 4.2.1.1 BOEKE

'n Aantal boeke bevat balkskrif wat in reliëf gedruk is. Elke boek is stelselmatig gerangskik vanaf enkelvoudige, losstaande simbole soos die notebalk, sleuteltekens, verskillende nootwaardes, rustekens en versierings tot meer kompakte voorstellings wat gewoonlik eindig met 'n frase in balkskrif wat alle nodige byskrifte bevat. Elke simbool is van 'n braillemommer voorsien, wat die blinde klavierleerkrag in die braillegids kan nagaan. Die braillegids vorm deel van die boek met die verhewe musieksimbole. Voorbeelde van hierdie handboeke vir notasie is:

1. Manual of the Staff Notation of Music - Edwin L. Gardiner, Watertown USA, The Howe Memorial Press, 1926. (52)

2. Index of Musical Characters used by the Sighted  
- London, RNIB, 1909. (53)
3. Characters in Staff Notation with Braille Guide  
- London, RNIB, 1958. (54)
4. Die Notenschrift der Sehenden - Krage, Rhein-  
provinz, Verlag des Vereins zur Fürsorge für  
die Blinden, 1917. (55)

Edwin L. Gardiner skryf in sy voorwoord tot Manual of the Staff Notation of Music:

"This book contains the chief characters used in the staff notation of music, and is intended to be a handy reference book for blind music teachers having classes of seeing children. Being in no sense a textbook for the young, the descriptive matter is purposely very brief.

When instruction in the staff notation is first given by means of large, tangible characters, separate blocks or pieces, pupils will then find little difficulty in recognizing the signs found on the following pages, and it is hoped that this material may give to many a more complete and accurate knowledge of the staff notation as it appears on the

printed page." (52 p. 2) (Sien afbeelding 7)

AFBEELDING 7



'n Grootdige kennis van balkskrif stel die blinde klavierleerkrag in staat om in voeling te bly met probleme wat sy siende leerlinge in die proses van die lees van musieknotasie ondervind. Die voormalige direkteur van die Royal Normal College for the Blind, J. Eric Hunt, stel dit soos volg:


"If the blind teacher is able to visualise the music he is teaching as it appears on the staff copy, he will be more ready to realise some of the difficulties which do not apply to the blind pupil, or certainly not to the same extent."

(142 vol. II p. 7) (Sien afbeeldings 8 en 9)

AFBEELDING 8



AFBEELDING 9



## 4.2.1.2 KAARTE

Etlike stelle kaarte, waarmee leerlinge deur middel van speletjies alle musieksimbole in balkskrif aanleer, is in die handel beskikbaar. Voorbeelde van kaarte is:

R.N.C. Staff Notation Teacher - J. Eric Hunt,

Die stel bestaan uit vier afdelings. Die eerste afdeling word aan toonhoogte gewy en slegs kwartnote word gebruik. Die tweede deel behandel ritme en alle note word op dieselfde toonhoogte aangedui. Die derde afdeling kombineer toonhoogte met ritme, terwyl enkele toevallige tekens bygevoeg word. Die vierde afdeling bevat allerlei tekens soos fraseringsboë, staccatotekens, versierings en pedaal aanduidings. Elke kaart is op die keersy van 'n braillemommer voorsien en deur gebruik te maak van die ingeslote braillegids is die blinde klavierleerkrag in staat om die betrokke kaart in die korrekte posisie aan die leerling te

toon. Die kaart is 12,5 x 8,5 cm. (Sien afbeeldings 10 en 11.)

AFBEELDING 10

Section 1. No. 2.

Section 2. No. 1. (a)  
(b)  
(c)

Section 3. No. 1. (a)  
(b)

Section 4. No. 7. (a) tr  
(b) tr

AFBEELDING 11

Section 1. No. 14. (a)  
(b)  
(c)

Section 3. No. 14. (a)  
(b)

Section 4. No. 5. (a)  
(b)

Die volgende drie stelle kaartsisteme is vir siende leerlinge ontwerp en kan suksesvol deur die blinde klavierleerkrag aangewend word, indien hy hulle van nommers voorsien en die nodige braillegids vir gebruik met die kaarte saamstel.

2. John Brimball Fun-Way Flash Cards - Chas H. Hansen Music Corp, Miami Beach, Florida, 1976  
Die kaarte is 10,5 x 7,0 cm.

3. Berta Spies Flitskaarte, Beria Drukkery Edms. Bpk., Pretoria, 1984.  
Die stel bestaan uit agt afdelings; 3 afdelings behandel die G-sleutel, 3 afdelings dek die F-sleutel en een afdeling elk handel oor die alt- en tenoorsleutel. Die kaarte is 26 x 15 cm. (141)

4. Musicards - Alan Solomon, vervaardig deur Rufus en Joubert (Edms.) Bpk., Johannesburg.  
Hierdie kaarte lyk soos 'n pak speelkaarte en nege verskillende speletjies, waardeur musieknotasie op prettige wyse aan leerlinge geleer word, word aangebied.

Spel 1	Hoog en Laag, Lank en Kort
Spel 2	Noem die Noot
Spel 3	Nootwaarde Snap
Spel 4	Noot Rummie
Spel 5	Toonhoogte Brug
Spel 6	Intervalle
Spel 7	C Majeur
Spel 8	Musicard Solitêrspel
Spel 9	Musical Poker (138)

#### 4.2.1.3 RAME EN BORDE


'n Groot verskeidenheid rame en magnetiese borde is ontwerp om musiekonderrig op aanskoulike wyse aan te bied. Die blinde klavierleerkrag gebruik hierdie rame en/of borde om balkskrif en tonic sol-fa aan sy siende leerlinge te onderrig. Die rame en borde is vir die blinde klavierleerkrag uitstekende plaasvervangers vir die skoolbord. Die bekendste voorbeelde van rame en borde sluit onder meer die volgende in:

1. Beetz Notation-Graph bestaan uit 'n afbeelding van die notebalk op 'n met materiaaloorgetrekte kurkbasis in 'n houtraam gemonteer. Die grootte is ongeveer 50 x 37 cm. Die notebalk bestaan uit tien lyne met 'n G- en F-sleutel

en 'n haak wat die twee sleutels verbind. Een-  
honderd nege-en-twintig musieksimbole, elk met  
twee pennetjies aan die agterkant waarmee dit  
op die balk vasgesteek word, voltooi die stel.  
(Sien afbeelding: 12)

AFBEELDING 12

## Beetz Notation-Graph



Die Beetz Notation-Graph word deur die American  
Printing House for the Blind, 1839 Frankfort  
Avenue, P.O. Box 6085, Louisville, Kentucky  
40206, USA vervaardig. (56 p. 121) (126 p. 25)

2. Die Hoare Magnetic Notator is 'n wit bord waarop die notebalk met effens verhewe swart lyne aangebring is. Die simbole is swart en wit en elk is aan die agterkant voorsien van 'n magneet waarmee dit aan die bord geheg word. Die borde is in twee groottes beskikbaar. Die bord vir klaskamergebruik is ongeveer 75 x 100 cm met 212 simbole en word op 'n esel gemonteer. Die ateljeemodel is ongeveer 60 x 45 cm (oopgevou) en kan op 'n tafel geplaas word. Laasgenoemde model word van 96 simbole voorsien. (Sien afbeelding 13)

## AFBEELDING 13

**Hoare Magnetic Music Notator**


Designed for blind music teachers, the notator is supplied in two models – for classroom and studio use. The notator consists of a white board, ruled with two sets of black staff notation lines, a set of black music symbols and numerals (the classroom model also has a set of letters) and a storage case. Magnets are fixed to each character to permit attachment to the metal board. The large board for classroom use may be placed on an easel or similar support, the studio model has a folding board with detachable metal strut and can be used on a table.

**Classroom Model****Cat. No. R069314**

No. of characters in set: 212

Size of board: 30 x 48 ins.

Weight of board: 25 lbs.

Weight of board (packed for despatch):  
57 lbs.Size of carrying case: 18<sup>3</sup>/<sub>8</sub> x 12<sup>3</sup>/<sub>8</sub> x 6<sup>3</sup>/<sub>8</sub> ins.Weight of carrying case (complete with  
symbols): 28 lbs. 12 ozs.**Studio Model****Cat. No. R069313**

No. of characters in set: 96

Size of board: 23 x 17<sup>1</sup>/<sub>2</sub> ins. (open)

Weight of board: 4 lbs. 2 ozs.

Size of carrying case: 18<sup>3</sup>/<sub>8</sub> x 12<sup>3</sup>/<sub>8</sub> x 6<sup>3</sup>/<sub>8</sub> ins.Weight of carrying case (complete with  
symbols): 25 lbs. 8 ozs.

Die Hoare Magnetic Notator word deur die  
RNIB, 224 Great Portland Street, London W1N  
6AA England versprei. (56 p.122)

3. Die Mayhew Music Indicator is 'n raam wat op  
'n tafel geplaas word. Die grootte van die  
raam is 50 x 20 x 2,5 cm en 80 simbole, 63 vir  
balkskrif en 17 vir tonic sol-fa word voorsien.  
(Sien afbeelding 14)

AFBEELDING 14

### Mayhew Music Indicator

This frame enables a blind music teacher to teach Staff and Tonic Sol-fa Notations to sighted pupils. A set of four printed cards is provided. By using a slide at the back of the frame the teacher may display in the window any one of the 80 symbols (63 Staff Notation, 17 Tonic Sol-fa). Replacement cards available (Cat. No. R069311).

**Cat. No.** R069310

**Size:** 20 x 8 x 1 ins.


**Weight:** 1 lb. 4 ozs.

### Carrying Case for the above

Not illustrated

Made of leather cloth.

**Cat. No.** R069312



Die Mayhew Music Indicator is by die RNIB, 224 Great Portland Street, London W1N 6AA England verkrygbaar. (56 p.122)

4. Die New Aid Notator word vervaardig van liggewig hout met verhewe lyne daarop om die groot balk voor te stel. Die musieksimbole is van hout en pas tussen die lyne of haak daaroor. The New Aid Notator for the Tiny Tots' Piano Lessons Grace Hazell's Practical and Musical Kindergarten Method handel oor die musiekonderrig van baie jong kinders.

"Children from three-and-a-half years of age may begin music successfully, with the use of the New Aid Notator; and here are a few ideas from practical experience." (51 p. 1)

Hierdie hulpmiddel kombineer handvaardigheid met begrip. 'n Blinde musiekonderwyseres in Engeland, May Sabeston, beveel New Aid Notators vir gebruik deur blinde klavierleerkrigte van siende leerlinge ten sterkste aan. (8 p.199)

5. Die Thiberge-raam is 'n liggewig-raam ongeveer 60 x 20 cm wat in die hand gehou kan word. Die raam word van agter deur die onderwyser volgens

brailleaanwysings beheer en aan die voorkant is vensters wat oopskuif om die betrokke simbole voor te stel. Hierdie raam word hoofsaaklik in Frankryk gebruik en word deur die American Press Inc. in Parys vervaardig.

6. Musical Notation Frame Set: Die stel bestaan uit 'n raam, note, notebalkaanduidings en musieksimbole. Hierdie raam word deur die Deutsche Blindenstudienanstalt, Am Schlag 8. D-3350, Marburg/Lahn, West-Deutschland versprei.
  
7. Perfection Name-the-Tone Bars: Hierdie hulpmiddel bestaan uit metaalstawe van verskillende toonhoogtes. Die stawe is in 'n houër gemonteer, sodat gelyke lengtes van die stawe sigbaar is. Visueel en tasbaar kan geen onderskeid tussen die stawe getref word nie en van die leerlinge word verwag om die stawe volgens klank in diatoniese volgorde te rangskik. Hierdie hulpmiddel is ontwerp om die leerling se gehoor te ontwikkel. Die Perfection Name-the-Tone Bars is by Walberg & Auge, 20 & Milbury Street, Auburn, Mass. 01501, USA verkrygbaar. (56 p. 123)

8. Die Musigraph is 'n revolusionêre uitvinding wat blinde musici in staat stel om siende musiek te produseer. Die apparaat is 'n gewysigde tikmasjien met 44 musieksimbole en 8 skuifkontroles waarmee die note binne die omvang van die oktaaf geplaas word, sonder om die papier te verskuif. Hierdie hulpmiddel is veral waardevol ten opsigte van komposisie, transponering en transkripsie. Die Pavey Musigraph is by TAB, 10 Walworth Road, London, England SE1 6 SP verkrygbaar. Die geraamde prys is op die huidige tydstip £395. (60)

## HOOFSTUK 5 ONDERWYSMEDIA, PROJEKTE, MUSIEKUITVOE- RINGS

### 5.1 METRONOME

Afgesien van die standaard metronome wat die blinde klavierleerkrag met behulp van sy leerlinge gebruik, is daar tans nuwe uitvindings op die mark. Sommige van hierdie metronome maak die blinde klavierleerkrag onafhanklik van die hulp van siende persone. Twee soorte reguleerders wat aan standaard metronome gekoppel word, stel die blinde musiekleerkrag in staat om self die nodige verstelings op die metronoomskaal aan te bring. Voorbeelde van aangepaste metronome is:


1. Adapted Metronome wat deur die Deutsche Blindenstudienanstalt, Am Schlag 8. D-3550, Marburg/Lahn, West-Deutschland versprei word.  
(56 p. 121)
2. Metronome Attachment wat deur die RNIB, 224 Great Portland Street, London W1N 6AA, England

beskikbaar gestel word. (56 p. 121) (Sien afbeelding 17)

#### AFBEELDING 17

### Metronome Attachment

A metal gauge for regulating the action of a metronome. Made to special order only. Customers requiring this attachment should send their own metronome to the RNIB for fitting purposes.



Cat. No. R069385  
Size: 2½ ins.  
Weight: 2 ozs.

Sommige kwartsmetronome wat deur middel van 'n draaiknop stel en 'n tikgeluid by elke verstelling maak, kan deur die blinde klavierleerkrug met gemak gehanteer word. Voorbeelde van hierdie metronome is:

3. Die Zen-On Metrina Multi wat 12 x 5 x 2,5 cm is. Die metronoom neem een 9 volt droëselbatterij. Die Zen-on Metrina Multi word doeltreffend deur 'n blinde persoon gebruik, veral as iets tasbaars (soos 'n strokie kleeflint) oor die rooi wysertjie geplak word. Die skakelaar regs kan `of vir slag (bo) `of vir lig (onder) gestel word. In die middelposisie is die metronoom afgeskakel. Die tikkies vir elke stelposisie kan maklik gestel word as die skyf nie te vinnig gedraai word nie. Die wyser in die

sesuurstand gee die toonhoogte van A440. Die metronoom kan dus ook as stemvurk gebruik word. Die gedeelte waarop die skyf rus, is effens laer en aan weerskante kan die drie-ur- en nege-uurstand tussen die kepies bepaal word. Die twaalfuurstand is tussen die twee soliede vertikale gedeeltes aan die bokant van die skyf. Die skaal (metronoomsnelhede) is soos volg:

Nege-uurstand	58
Twaalfuurstand	92
Drie-uurstand	138 (62, 121 p. 33)

Die Zen-On Metrina Multi is by musiekwinkels verkrygbaar en kos tans ongeveer R80,00.

- Die Franz Electric Metronome is ongeveer 12,5 x 10 x 9 cm. Die skaal is met verhewe puntjies aangepas, sodat dit met die vingers gelees kan word. Enkelpuntjies is op 40, 96 en 208 en dubbelpunte op 60, 72, 120 en 144 aangebring. Hierdie metronoom is by die American Foundation for the Blind, 15 West 16th Street, New York, NY 10011, USA verkrygbaar. (56 p. 121)

## 5.2 PLAATOPNAMES

Plaatopnames is 'n waardevolle hulpmiddel in musiekbeluistering. Deur middel van goeie opnames van wêreldbekende orkeste soos onder meer die Berlynse Filharmoniese Orkes, die Londense Simfonieorkes, die Weense Filharmoniese Orkes en die Amsterdamse Concertgebouw-orkes maak die leerlinge met klassieke musiek kennis. Opnames van J.S. Bach se 48 Preludes en Fugas soos deur Richter vertolk; Mozart se klaviersonates met vertolkings deur Christoph Essenbach en Murray Perahia; Beethoven se klaviersonates soos deur Arthur Schnabel, Claudio Arrau en Daniel Barenboim uitgevoer; Chopin se klavierkomposisies soos deur Alfred Cortot en Horowitz uitgevoer, is stylgetroue vertolkings en dien as waardevolle studiemateriaal vir klavierleerlinge.

Skole beskik oor platespelers en plaatopnames. Openbare biblioteke in groot sentra stel plaatopnames op leenbruik beskikbaar. (77) Plaatopnames is ook op 'n leenbruikstelsel by die Subdirektoraat Onderwystegnologie, Privaatsak X239, Pretoria 0001 verkrygbaar. (65) (137)

### 5.3 KASSETTE

Met die uitvinding van die magnetiese band het daar groot vooruitgang in die platebedryf plaasgevind. Met behulp van kassette kan opnames van hoogstaande gehalte gemaak word. Vir skoolgebruik is kassette aan te beveel, aangesien die opnames beter as plate teen beskadiging bestand is en minder bergruimte vereis. Kassette is 'n waardevolle hulpmiddel, aangesien leerlinge se spel opgeneem en teruggespeel kan word. Deur die aanwending van hierdie hulpmiddels word leerlinge in staat gestel om krities en objektief na hulle eie spel te luister.

### 5.4 FILMS

Films wat orkesinstrumente en die lewensverhale van musici uitbeeld, is op 'n leenbruikstelsel by die Subdirekoraat Onderwystegnologie, Privaatsak X239, Pretoria 0001 verkrygbaar. (65) Deur filmvertonings maak groepe leerlinge met musiek kennis. Omdat die musiek van rolprente nie baie klankgetrou is nie, moet sorg gedra word dat die leerlinge deur middel van opnames van gehalte met die betrokke musiek vertrou raak.

Die impak van 'n suksesvolle rolprent op die luisterpubliek, wat ook die jeug insluit, kan geïllustreer word aan die hand van 'n onlangse voorbeeld.

Nadat die rolprent Amadeus landwyd vol teaters gelok het, het die plateverkope van Mozart se musiek aansienlik toegeneem. Hierdie stelling is in die radioprogramme Musiekposbus, Musiekjoernaal en Music and Musicians gemaak.

#### 5.5 RADIO, TELEVISIE EN VIDEO

Radio- en televisie-uitsendings lewer 'n waardevolle bydrae tot die musiekkennis van belangstellers. Die SAUK bied in die Afrikaanse en Engelse dienste opvoedkundige musiekprogramme aan. Die betrokke musiekprogramme sluit Radio Allegro, Jong Suid-Afrika, Musiekposbus, asook Promenade Concert en The Magic of Music in.

Van tyd tot tyd dek televisie-uitsendings ernstige musiekprogramme soos onder meer die afgelope reekse Musiek en die Mens en Mozart, asook die huidige reekse Ons Jeug maak Musiek en Arts on One. Televisiedekking van uitvoerings deur musici speel 'n belangrike rol in die visuele waarneming van musiekleerlinge. Dit is opvoedkundig belangrik dat die

blinde klavierleerkrag en sy leerlinge die programme volg om sodoende hulle kennis te verryk en met bydertydse musiektendense tred te hou. Deur met die nodige sanksie video-opnames van musiekprogramme te maak, kan die blinde klavierleerkrag die bepaalde aanbiedings herhaal en die programme as uitgangspunt vir musiekbesprekings benut.

#### 5.6 DIE TRUPROJEKTOR

Die truprojektor is 'n nuttige medium by die onder-rig van siende leerlinge. Die blinde klavierleerkrag kan die truprojektor in samewerking met 'n kollega of gevorderde leerlinge gebruik.

#### 5.7 PRENTE

'n Verskeidenheid prente van komponiste, musici en orkesinstrumente is in die handel beskikbaar. Die prente besit nie slegs opvoedkundige waarde nie, maar dien ook as versierings vir die musiekkamer. (Sien afbeelding 18)

AFBEELDING 18



## PROJEKTE

1. PLAKKATE: Die klavierleerkrag en die leerlinge ontwerp plakkate om onder meer die volgende te illustreer - musiekterme, ritmepatrone, kruise en molle, toonlere, die klawerbord, die rangskikking van die simfonieorkes.
2. PLAKBOEKE: Leerlinge vind die samestelling van plakboeke baie stimulerend. Alle leerlinge is betrokke by die versameling van uitknipsels

van musiekinstrumente, komponiste en uitvoerende musici, platelyste, musiekaangeleenthede en die curricula vitae van kunstenaars.

3. BULLETINBORDE: Deur bulletinborde met musieknuusberigte, kennisgewings van komende uitvoerings, musiekprogramme, kompetisies, musiekliteratuur en temas van meesterwerke op datum te hou, bly die leerlinge op die hoogte van musiekaangeleenthede. Dit is noodsaaklik dat die rangskikking van die uitstallings gereeld gewysig word om te verseker dat die bulletinborde hulle trefkrag behou. (104)
  
4. MUSIEKKAMERKONSERTE: Die leerlinge reël musiekkamerkonsertere. Die klavierleerkrag moedig alle leerlinge aan om deel te neem en rig die deelnemers af om uitvoerings van gehalte vir hulle maats te lewer. Inter-skoolse musiekkonserte is waardevolle geleenthede om voor gehore op te tree. (111)

#### MUSIEKUITVOERINGS

SUKOVS, TRUK, KRUIK en NARUK, die vier Provinsiale Streekrade vir Uitvoerende Kunste, stel hulle ten doel om musiek vir alle mense toeganklik te maak. (122, 123, 124, 125)

Instansies soos die musiekdepartemente van die verskillende Suid-Afrikaanse universiteite lewer waardevolle bydraes tot die breë musiekopvoeding. (76, 108, 109)

Die Suid-Afrikaanse simfonieorkeste bied van tyd tot tyd uitvoerings van hoogstaande gehalte by skole aan. (75) Demonstrasies deur orkesgroepe word periodiek by skole gegee om die leerlinge met die orkesinstrumente vertrou te maak.

Die jaarlikse internasionale musiekkompetisies wat in die Republiek onder beskerming van die Universiteit van Suid-Afrika aangebied word, slaan 'n bres vir die Suid-Afrikaanse musieklewe. Dit is belangrik dat die blinde klavierleerkrag en sy leerlinge hierdie prestigeryke musiekkompetisies sal bywoon. (101, 102 vol. 12.1 pp. 2 - 81)

Die opvoedkundige waarde van uitvoerings deur vermaarde pianiste kan nie oorskat word nie. Linksvoor in 'n gehoorsaal is die aangewese plek vanwaar die houding, handposisie, bewegings en pedaalgebruik van 'n pianis bestudeer kan word.

## GEVOLGTREKKING

Onderwysmedia is waardevol. Daarsonder sou die blinde klavierleerkrag geen inset by die musiekonderrig van siende leerlinge kon lewer nie. Tegnologiese ontwikkeling stel revolusionêre apparaat tot die beskikking van die gesiggestremde. Elke nuwe uitvinding maak die blinde musiekleerkrag meer onafhanklik en selfstandig in die beoefening van sy beroep. Alle blinde musici koester die verwagting dat daar 'n apparaat wat geskrewe of gedrukte musieknotasie in braille oorskryf binnekort op die mark sal verskyn. Die vereiste is dat die apparaat deur die blinde musiekleerkrag aangekoop kan word om in sy persoonlike behoeftes te voorsien. Indien so 'n hulpmiddel beskikbaar gestel word, sal musiek in drukskrif vir die blinde musiekleerkrag toeganklik wees.

Een van die nuttigste elektroniese apparate, die MCS Ready Reader, stel die blinde persoon in staat om deur middel van 'n spraaksintetiseerder lektuur in drukskrif te "lees". (59)

Die Delta Character Recogniser is 'n apparaat soortgelyk aan die Optacon. Die Delta is 'n draagbare

brailleleser vir gebruik by drukskrif. Die Delta weeg minder as 3 kg en bestaan uit 'n mikrokamera, 'n prosesseerder en 'n tasoppervlakte. Terwyl die kamera oor die bladsy beweeg, word die drukskrif in braille op die tasoppervlakte vertoon. (119, 120 p. 43) Inligting in verband met die Delta is by Siege Social ZAE4, Rue Lyon Blum, 91121 Palaiseau, France verkrygbaar.

## HOOFSTUK 6 LEERPLANNE

Wanneer 'n leerkrag diens aanvaar, word van hom verwag om so gou moontlik met sy vakleerplanne vertrouwd te raak. Deeglike vooruitbeplanning word vereis om die beskikbare onderwysmedia en die leerplanne tot die grootste voordeel van die musiekleerlinge aan te wend. Die skrywers, William R. Sur en Charles Francis Schuller, maak die volgende stelling:

"Long-term planning for music instruction is essential in our modern schools. If proper teaching materials and aids, equipment, and instructional facilities are to be provided for the pupils, planning for the acquisition of these necessities must proceed in an orderly manner over a period of years. More important than planning for music and equipment is planning for curriculum development that will best serve the pupils. Curriculum planning must come first and proceed year by year with expansion or modification as indicated by the teaching situation, by the needs of the pupils, and by school and community changes." (91 p. 22)

'n Leerplan is nie 'n handboek nie, slegs 'n afbakening van die leerstof wat deur 'n eksamenliggaam

voorgeskryf word. Die leerplan bevat die minimum-vereistes van 'n bepaalde dissipline.

Vir musiekleerkragte in die Republiek van Suid-Afrika is die volgende leerplanne van toepassing: eerstens die inter-departementele sillabusse vir Musiek as vak op laer, gewone, standaard- en hoërgraad, tweedens die Trapstelsel vir buite-kurrikulêre musiek, derdens die praktiese en teoretiese eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika, vierdens die praktiese en teoretiese eksamens van die Royal Schools of Music en laastens die praktiese en skriftelike eksamens van die Trinity College of Music.

#### 6.1 MUSIEK AS VAK

'n Inter-departementele kernsillabus dien as basiese leerplan vir Musiek as vak aan alle skole in die Republiek van Suid-Afrika. Geringe wysigings ten opsigte van byvoegings mag deur die verskillende onderwysdepartemente aangebring word. In die leerplanne word die praktiese en skriftelike vereistes vir die eksamens van standerd 6 tot en met die Senior Sertifikaat gestel. (61)

Die praktiese komponent van Musiek as vak bestaan

uit tegniese oefeninge, toonlere, 'n aantal voorgeskrewe voordragstukke, gehooropleiding en van-die-blad speel. Die skriftelike komponent behels teorie, harmonie en algemene musiekkennis.

In standerd 6 en 7 word Musiek Laergraad (LG) en Musiek Gewonegraad (GG) en vanaf standerd 8 tot 10 Musie LG, Musiek Standaardgraad (SG) en Musiek Hoërgraad (HG) aangebied.

Met Musiek LG word daar gepoog om die leerling deur musiekbeluistering 'n geleentheid tot musiek-ekspressie te bied, die leerling se skeppingsvermoë en musiekestetiese aanvoeling te ontwikkel en die leerling te lei om sy kennis en vaardighede prakties toe te pas. Die aanleer van alle vaardighede in en kennis van musiek moet sover moontlik met die werklike lewende musiek as middel- en uitgangspunt geskied. Vir die praktiese onderrig word verwag dat die leerling se peil van ontwikkeling in standerd 6 gelykstaande aan trap 2 van die Trapstelsel is. In standerd 10 word 'n standaard gelykstaande aan trap 6 verwag. Voorkeur word gegee aan instrumente wat geskik vir groepmuisering is. Die blokfluit of 'n ander blaasinstrument word aanbeveel. Musiek LG is op die breë musikale ontwikkeling en praktiese musiekbeleving van die leerling gerig. (66) (150)

In standerd 6 en 7 word Musiek GG aangebied. Die praktiese en teoretiese vereistes vir die aanvang van die betrokke vak is op 'n standaard gelykstaande aan trap 4 van die Trapstelsel. Vir die praktiese onderrig kan een of twee instrumente, waaronder klavier, orrel, blokfluit, klassieke kitaar of enige instrument van die simfonieorkes met inbegrip van perkussie en harp, aangebied word. (67)

Die Junior Sekondêre Fase lei tot standerd 8 wanneer die leerling Musiek SG of Musiek HG mag aanbied.

Met Musiek SG word van die leerling aan die einde van standerd 10 verwag om vier stukke, gelykstaande aan trap 9 van die Trapstelsel, te vertolk. Een van die gekose werke, twee trappe laer as dié op die hoofinstrument, mag op 'n tweede instrument voorgedra word. 'n Vinnige deel van 'n sonate is as een van die voordragstukke verpligtend. (68)

Met Musiek HG word aan die einde van standerd 10 van die leerling verwag om vier stukke, gelykstaande aan trap 10 van die Trapstelsel, voor te dra. 'n Stadige sowel as 'n vinnige deel van 'n sonate of concerto is verpligtend as een van die vier gekose eksamenstukke. In die geval van klaviatuurinstrumente word 'n fuga as vereiste gestel. Slegs

een werk, twee trappe laer as dié op die hoofinstrument, mag op 'n tweede instrument aangebied word. (69)

Praktiese Musiek (Tweede Instrument of Sang) SG word in standerd 8 tot 10 aangebied. Hierdie vak word as 'n tweede matriekvak saam met Musiek HG of Musiek SG geneem. Vir praktiese onderrig word 'n tweede instrument of sang as keusevak gestel. Aan die einde van standerd 10 word vier werke gelykstaande aan trap 8 van die Trapstelsel voorgedra. 'n Vinnige deel van 'n sonate word as een van die vier voordragstukke vereis. (70)

Die leerplanne vir Musiek as vak is by die betrokke onderwysdepartement beskikbaar en die verantwoordelikheid rus op die blinde klavierleerkrag om vir homself brailleafskrifte te maak.

## 6.2 DIE TRAPSTELSEL

Die Trapstelsel is die sillabus vir buite-kurrikulêre musiekonderrig wat deur die verskillende onderwysdepartemente voorgeskryf word. Die Trapstelsel is deur 'n inter-departementele komitee saangestel. (61) Die verskillende komponente, te wete praktiese werk, gehooropleiding en skriftelike werk, word

stelselmatig behandel. Die betrokke stelsel bevat tien trappe wat begin by 'n voorbereidende groep en kulmineer tot trap 10, wat gelykstaande aan Graad VIII (Finaal) is.

Die Trapstelsel met voorgeskrewe tegniese oefeninge, toonlere, gebroke akkoorde, arpeggios, repertorium, bladles, gehooropleiding en skriftelike werk is 'n onontbeerlike riglyn vir alle musiekonderwysers wie se leerlinge nie Musiek as vak neem of vir een van die eksterne eksamenstelsels voorberei nie. (37, 71,140)

Die Trapstelsel is in braille by die Produksie-eenheid, Pionierskool, Adderleystraat 20, Worcester 6850; telefoon 0231-22313 verkrygbaar.

### 6.3 UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA (UNISA)

Die Departement Musiekeksamens van die Universiteit van Suid-Afrika reik periodiek nuwe leerplane en eksamenbundels uit. 'n Eksamenbundel bevat 'n aantal voorgeskrewe stukke vir die betrokke eksamen. In die eksamenbundel word die voorgeskrewe werke in lyste gegroepeer en van 'n kandidaat word verwag om volgens voorskrif stukke uit elke lys voor te dra. Elke eksamenbundel word deur 'n

vraeboek aangevul. Die vraeboek bevat vrae oor die voorgeskrewe werke en van die kandidaat word verwag om die vrae in verband met sy voordragstukke te beantwoord. Die eksamenbundels en die vraeboeke is vir Voor-Graad I tot en met Graad VII beskikbaar. Vir Graad VIII verskyn slegs die titels van die voorgeskrewe voordragstukke in die leerplan vir die praktiese musiekeksamens. Geen vrae word in verband met die voordragstukke vir Graad VIII gestel nie.

'n Stel bladleesoefeninge vir elke eksamen is in die volgende publikasies:

Van-die-Blad Speel Graad I tot IV

Van-die-Blad Speel Graad V tot VII

Van-die-Blad Speel Graad VIII.

Gehoortoetsoefeninge vir elke eksamen verskyn in die volgende publikasies:

Praktiese Musiekleer Graad I tot III

Praktiese Musiekleer Graad IV en V

Praktiese Musiekleer Graad VI en VII

Praktiese Musiekleer Graad VIII en Lisensiaat.

Die leerplan vir die praktiese eksamens van die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) bevat alle

inligting in verband met eksameninskrywings asook die vereistes vir elke graad ten opsigte van toonlere, gebroke akkoorde, arpeggios, voordragstukke, praktiese musiekleer en van-die-blad speel.

Die leerplanne vir die skriftelike eksamens omskryf die vereistes vir die sewe teorie-eksamens. Slegs vier teorie-eksamens is met betrekking tot die praktiese eksamens verpligtend. Teorie Graad III; Teorie Graad V; Teorie Graad VI; Teorie Graad VII geld as toelatingsvereistes vir die praktiese eksamens Graad IV; Graad VI; Graad VIII; Lisen-siaat onderskeidelik. (72) (149)

Die eksamenbundels, vraeboeke, praktiese musiekleer, van-die-blad speel en leerplanne is regstreeks van Die Registrateur, Universiteit van Suid-Afrika, Posbus 392, Pretoria 0001 verkrygbaar.

Sommige van die voorgeskrewe werke uit die eksamenbundels is in braille by die Braillemusiekbiblioteek te Worcester beskikbaar, terwyl die vraeboeke, praktiese musiekleer, van-die-blad speel en die leerplanne by die Produksie-eenheid, Pionierskool, Adderleystraat 20, Worcester 6850 verkrygbaar is.

6.4 THE ASSOCIATED BOARD OF THE ROYAL SCHOOLS  
OF MUSIC (ASB)

Die eksamenbundels van die Royal Schools word jaarliks vervang. Twee lyste (A en B) elk vir Graad I tot en met VII verskyn jaarliks en 'n kandidaat speel die vereiste aantal eksamenstukke uit een van die twee lyste vir die betrokke eksamen. Die titels van die alternatiewe stukke, wat die kandidaat 'n groter keuse bied, verskyn in die eksamenbundels. Voor in die eksamenbundel verskyn 'n lys van die vereiste toonlere en arpeggios vir die betrokke eksamen. Vir Graad VIII word nie eksamenbundels beskikbaar gestel nie, maar die titels van die voorgeskrewe werke verskyn in die sillabus. 'n Kandidaat het 'n keuse tussen die eksamenlyste van die betrokke en vorige jaar.

'n Handboek met gehoortoetsoefeninge, asook 'n reeks bladleesoefeninge is beskikbaar.

Die sillabus van die ASB word jaarliks gepubliseer. Die sillabus bevat die regulasies, inskrywingsdatums, vereiste toonlere, gebroke akkoorde, arpeggios, lyste van voorgeskrewe stukke, asook die vereistes vir die teoretiese eksamens. Teorie

Graad V word vereis vir toelating tot die praktiese eksamens Graad VI, VII en VIII. Vrystelling van die genoemde teoretiese eksamen word verkry indien 'n kandidaat Teorie Graad V van UNISA geslaag het. Afgesien van die agt teorie-eksamens, maak die ASB voorsiening vir die eksamens in General Musicianship Graad 1 tot 7. Hierdie eksamens is opgestel om die kandidate se algemene musiek-kennis te verbreed. (64, 73)

Die eksamenbundels, gehoortoets- en bladlesboeke, asook die sillabus in drukskrif is in die handel beskikbaar. Die gehoortoets- en bladlesboeke (braille) is by die RNIB, Great Portland Street 224, London W1N 6AA, England beskikbaar. Die eksamenbundels in braille is by die Braillemusiekbiblioteek, Pionierskool, Adderleystraat 20, Worcester 6850 (telefoon 0231-22313) verkrygbaar.

#### 6.5 TRINITY COLLEGE OF MUSIC

Die Trinity College of Music stel periodiek nuwe eksamenbundels vry. Vir elke eksamen word drie boeke beskikbaar gestel en van 'n kandidaat word verwag om die vereiste aantal stukke uit een van die drie boeke voor te dra. Die sillabus van die Trinity College of Music bevat eksamenregulasies,

inligting in verband met inskrywing, die vereiste toonlere, gebroke akkoorde, arpeggios, voorgeskrewe stukke, gehoortoetse, blad lees en algemene toonkuns vir elke eksamen.

Die vereistes vir die agt skriftelike eksamens is in 'n handleiding vervat. Musiekteorie Graad II; III; IV; V dien onderskeidelik as toelatingsvereistes vir die praktiese eksamens Graad IV; V; VI en VII; VIII. (63, 74)

Die eksamenbundels en die sillabus van die Trinity College of Music is in die handel beskikbaar. Sommige van die eksamenstukke is in braille, maar die volledige lyste en sillabus is nie in braille beskikbaar nie.

Ten opsigte van leerplanne word twee probleme deur die blinde leerkrag ondervind: eerstens om die betrokke leerplan wat benodig word, te bekom en tweedens beskikbaarheid van braillemusiek wat in die leerplan voorgeskryf is.

Die leerplanne vir vakouderrig in die sekondêre skool bied die grootste probleem aangesien die betrokke leerplanne nie in braille beskikbaar is nie. Die blinde musiekleerkrig wat die leerplanne

benodig, is self verantwoordelik vir die oorskryf in braille. Omdat leerplanne egter vir etlike jare geldig is, geskied die oorskryf van sodanige leerplanne slegs periodiek. Sommige van die voorgeskrewe voordragstukke is van die Braillemusiekbiblioteek te Worcester verkrygbaar, andersins moet van alternatiewe stukke gebruik gemaak word. Die onmiddellike voorsiening van musiek in braille vereis dringende aandag.

Voorligting ten opsigte van leerplanne word tydens vakvergaderings, studiekeringe en kursusse gegee. Leemtes, gemeenskaplike probleme en moontlike oplossings word tydens genoemde byeenkomste bespreek en dit is noodsaaklik dat die blinde musiekleerkrag deur daadwerklike deelname op die hoogte van die implementering van die leerplanne bly. (127, 128)

By die onderrig van 'n leerling speel herhaling 'n belangrike rol. Deur afwisseling van die leerstof en metode van aanbieding verseker die blinde musiekleerkrag dat die leerling geïnteresseerd bly en sodoende word die gewenste resultate verkry.

## 6.6 MUSIEKEKSAMENS

Musiekeksamens is waardevol aangesien die leerling

afgerig word om 'n bepaalde peil te bereik, terwyl die leerkrag 'n kritiese beskouing van sy werk ontvang. Hierdie evaluering moet deur die blinde klavierleerkras as opbouend aanvaar word, aangesien dit hom in staat stel om 'n waardebeoordeling van sy onderwysmetodes te maak. Die skrywer, William Lovelock, stel dit soos volg:

"Examinations have two principal justifications which, it may rightly be contended, vastly outweigh any of their so-called disadvantages: (a) they provide a periodic and reliable guide as to the pupil's progress; (b) they act as an incentive to work in the case of the pupil who cannot give of his best without some external urge. A third justification, if one be needed, is that they help to keep the teacher working to his highest standard, since the examiner's criticism of a candidate's work is at least to some extent also criticism of the teacher." (30 vol. II p. 39)

Eksamens is 'n middel tot 'n doel. Die klavierleerkras wat egter slegs op eksamenwerk ingestel is, ontsê die leerling die estetiese bevrediging wat musiekbeoefening bied. Die bekwame klavierleerkras sal die repertoriumkennis van sy leerlinge oor 'n veel wyer spektrum laat strek as slegs dit wat vir praktiese eksamenvoorskrifte vereis word. Solo-werke, duette en selfs snelstudies en prima vista-

literatuur sal ter wille van insig, stylkennis en ontwikkeling van selfstandige oordeel en vaardigheid as leerstof bygevoeg word.

## HOOFSTUK 7 DIE METODOLOGIE VAN DIE BLINDE KLAVIERLEERKRAG

### 7.1 ONDERWYSFILOSOFIEË AS RIGLYNE IN MUSIEKONDERRIG

Om sy rol in die onderwys en die betekenis van sy vak in die opvoeding te bepaal, is dit belangrik dat die blinde musiekleerkrag kennis van die verskillende onderwysfilosofieë dra.

Verskeie filosofiese denkrigtings, onder meer Idealisme, Realisme, Eksperimentalisme, Pragmatisme en Instrumentalisme het 'n invloed op die onderwysfilosofie uitgeoefen. Dit is egter die tradisionele Realisme van Harry S. Broudy (1905 - ) en die kontemporêre Pragmatisme van Foster McMurray (1914 - ) wat as betekenisvolle riglyne in musiekonderrig kan dien.

Broudy, soos aangehaal deur Charles Leonhard, se filosofie berus op die connoisseur-konsep. Volgens hierdie filosofiese beskouing toon die ontwikkeling van goeie smaak en waardering 'n ooreenkoms met die toename van musikale vaardighede, kennis en die vermoë om musikale begrippe te herken, te onderskei en te verstaan.

Indien hierdie teorie aanvaar word, is dit sinvol om kennis en vaardighede op 'n gesistematiseerde wyse aan leerlinge oor te dra. (90 pp. 46-47)

Die verwerwing van kennis en musikale vaardighede stel die leerling in staat om 'n estetiese aanvoeling vir musiek te ontwikkel. Die estetiese ervaring lei tot die veredeling en opheffing van die menslike gee's.

In 'n opvoedkundige artikel stel Broudy sy filosofiese standpunte:

"On a realistic view and on the views of certain types of idealism, music and aesthetic experience in general enable man to recognize his striving to perfect himself. Human emotions are regarded as registers of human success and failure in this enterprise." (100 p. 72)

Volgens die Pragmatisme van McMurray, soos aangehaal deur die skrywer, Charles Leonhard, is dit nie die taak van die musiekleerkrag om goeie smaak en waardering vir musiek by sy leerlinge te kweek nie. Die leerkrag se taak is om die

leerling se gehoor te ontwikkel en aan te toon wat musiek behels. McMurray bevraagteken die rol wat voordrag in die vorming van estetiese aanvoeling speel; vir hom dien voordrag die doel om die leerling te laat ondervind waaruit musiek opgebou is en om musiek in geheel te ervaar. (90 p. 46)

Volgens die filosofie van McMurray bied die onderwyser die leerling die geleentheid om kennis van musiek op te doen. Die ontdekking en belewenis van musiek moet die voorreg van die leerling wees. McMurray stel die doel van musiekonderrig soos volg:

"It is: to help everyone to further awareness of patterns of sound as an aesthetic component in the world of experiences; to increase each person's capacity to control the availability of aesthetic richness through music; and to transform the public musical culture into a recognized part of each person's environment." (148 p. 41)

#### 7.1.1 DIE FILOSOFIESE STANDPUNT VAN DIE SKRYWER

Dit is belangrik dat die blinde klavierleerkrag

'n filosofiese beskouing ten opsigte van sy vak huldig. Sonder 'n oortuigende filosofiese benadering sal musiekonderrig vir die blinde klavierleerkrag en sy leerlinge betekenisloos wees. Leonhard en House, soos aangehaal deur die skrywer, Robert Sidnell, verstrek drie fundamentele redes vir die noodsaaklikheid van 'n filosofie van musiekonderrig:

1. "A philosophy 'serves to guide and give direction to the efforts of the teacher.'
2. A sound philosophy 'inspires and lightens the work of the music teacher.'
3. A philosophy 'helps the music teacher clarify and explain the importance of music to his colleagues and to laymen.'" (114 p. 28)

Vir die skrywer van hierdie verhandeling gaan dit om die estetiese vorming van die leerling.

In 'n materialistiese wêreld gekenmerk deur fenomenale tegnologiese vooruitgang is die mens geneig om die stoflike, konkrete en winsgewende na te streef. Deur middel van musiekopleiding word die menslike gees verryk en verfyn. Die

onderwyser leer die leerling om tussen goed en sleg te onderskei en hierdie onderskeidingsvermoë stel die leerling tot verdere ontwikkeling in staat. Die primêre doel van musiekopvoeding is om musikaal sensitiewe en intelligente volwassenes hulle plekke in die samelewing te laat inneem met 'n besef van die belangrike rol wat musiek deur hulle kan speel. Die skryfster, Marion S. Egbert, skryf soos volg:

"The prime objective of music in education is to develop musically sensitive, intelligent adults who fully appreciate the significant contribution that music can make to the individual, and ultimately to the community. Music's uniqueness in this sense is unquestioned. (89 p. V)

## 7.2 LEERPROSESSE MET BETREKKING TOT MUSIEK

In die opvoedkunde word verskillende leerprosesse en onderwysmetodes geïdentifiseer. Gané, soos aangehaal deur die skrywer, Edwin Gordon, onderskei agt leerprosesse wat wissel van eenvoudige persepsuele tot komplekse konsepsuele prosesse wat die Gestalt- en assosiasieteorie bevat. Die betekenis van die meganistiese leerproses in musiek word ook bespreek.

1. WAARNEMING: Aangesien musiek uit klank bestaan, speel die gehoorsintuiglike proses die belangrikste rol in die onderrig van musiek. Die visuele waarnemingsproses word vir die uitkenning van musieksimbole aangewend.
2. STIMULUS-RESPONS: Die waarneming van klank is die stimulus en die herkenning daarvan as musiek ontlok die respons.
3. SKAKELING: Skakeling tree in wanneer die stimulus-responsproses meer gekompliseerd en uitgebreid raak. In die toestand van volgehoue afwagting wat ontstaan, is die leerling gereed vir ander musieknote.
4. VERBALE ASSOSIASIE: Waar simbole of beskrywings soos die lettername van note, lyne en spasies, nootwaardes, maatsoort- en toonsoorttekens gebruik word om die verskillende response te identifiseer.
5. MULTI-DISKRIMINATIEWE - die mees fundamentele van die konsepsuele prosesse: Hierdie leerproses vind plaas wanneer die leerling tussen

majeur- en mineurtoonaarde, twee- of driemaatslag en twee- of drieledige vorm kan onderskei.

6. KONSEPLEER: Waar volgens diskriminatiewe prosesse bekende begrippe soos maatslag, toonaard of vorm op nuwe werke toegepas word.
  
7. BEGINSELLEER: Hierdie leerproses vind plaas wanneer musiekstukke volgens die teoretiese beginsels soos byvoorbeeld die verskil tussen twee- en driemaatslag volgens nootwaardes; die verskil tussen majeur- en mineurtoonaarde volgens intervalle, beoordeel of herken word.
  
8. PROBLEEMOPLOSSING: Hierdie leerproses stem met beginselleer ooreen. Beginselleer en probleemoplossing vorm die grondslag vir skeppende aktiwiteit. (86 pp. 57-58)
  
9. MEGANISTIESE TEORIE: Die aanleer van tegniese vaardighede ten opsigte van toonlere, arpeggios en afgeronde, gememoriseerde vertolkings deur herhaling, berus op die meganistiese leerproses. In die oefenproses bemeester die leerling tegniese probleme deur die herhaling van die betrokke gedeeltes. Die meganistiese

leerproses is waardevol vir die bemeestering van tegniese vaardigheid. Die blinde klavierleerkrag en sy leerling moet egter waak teen outomatiese herhaling en slaafse vertolkings sonder insig. Wertheimer, soos aangehaal deur Robert S. Woodworth en Mary R. Sheehan, verklaar:

"Repetition is useful, but continuous use of mechanical repetition also has harmful effects. It is dangerous because it easily induces habits of sheer mechanized action, blindness, tendencies to perform slavishly instead of thinking, instead of facing a problem freely."  
(132 p. 237)

10. GESTALT - PSIGOLOGIE (aanskoulike eenheid/georganiseerde geheel) (135 p. 375):

Die leerproses vind deur middel van die persepsuele ervaring van die geheelbeeld plaas. (133) Die skrywer, Norman Mehr, stel dit soos volg:

"According to this view, man responds with his whole being to a whole situation. He has

emotions, purposes, will, and intelligence. All of these are involved in learning." (134 p. 9)

By bladleesonderrig lei die blinde klavierleerkrug die leerling om deur waarneming en konstruktiewe denke 'n geheelbeeld van die musiek te vorm. Deur in frases te dink en vooruit te lees, verseker die leerling dat die musiek sonder onnodige onderbreking vloei. Oortuigende vertolking van 'n voordragstuk is slegs moontlik indien die leerling die inhoud en betekenis van die werk in geheel verstaan en ervaar. Die blinde klavierleerkrug dra sorg dat die bemeestering van alle aspekte van musiek vir die leerling 'n betekenisvolle ervaring is wat hom steeds tot nuwe uitdagings sal aanspoor.

Genoemde leerprosesse vorm 'n psigologiese patroon en funksioneer meestal gesamentlik in musiekonderrig.

### 7.3 ONDERWYSMETODES VAN TOEPASSING OP MUSIEKONDERRIG

J. Spencer Curwen definieer onderwysmetodiek soos volg:

"We meet with different definitions of method; but though the actual phraseology may differ,

the idea is always the same. It is -

'An orderly process toward a pre-determined end.'

'An orderly and rational procedure to attain definite results.'

'A step by step approach to a distinctly defined goal.'" (87 p. 229)

Die volgende onderwysmetodes is op musiekonderrig van toepassing:

1. ANALITIESE EN SINTETIESE METODE - Ontleding en konstruksie van leerstof: Die blinde musiekleerkrag gebruik die analities-sintetiese metode by die onderrig van balkskrif aan siende beginners. Enkele musieksimbole word aanvanklik deur middel van kaarte en boeke (met notasie in reliëf) vertoon. Die leerling gebruik die sintetiese metode wanneer hy 'n geheelbeeld van begrippe (bladlees) opbou en saamvoeg. Ten opsigte van die gevorderde leerling word van die analities-sintetiese metode in vormleer, teorie en harmonie gebruik gemaak.

2. INDUKTIEWE EN DEDUKTIEWE METODE: Induktiewe metode lei van die besondere tot die algemene; deduktiewe metode lei van die algemene na die besondere. By die onderrig van toonlere gebruik die blinde klavierleerkras die deduktiewe en induktiewe metode. Die konstruksie van die toonleer met begrippe soos tetrachord en halftone word verduidelik (deduktiewe metode). Die leerling eksperimenteer met die gegewens om die toonleer op die klawerbord saam te stel (induktiewe metode).
3. HEURISTIESE METODE - Die metode van ondersoek, navorsing en ontdekking: 'n Basiese opvoedkundige beginsel is om die leerling te lei om sy eie gevolgtrekkings en ontdekkings te maak deur hom van die sleutelbegrippe te voorsien wat hom daartoe in staat sal stel. Deur demonstrasies, wat 'n belangrike element van die blinde klavierleerkras se metodologie vorm, word die leerling van voorbeelde voorsien en toegelaat om te eksperimenteer totdat die gewenste resultate behaal word. Die heuristiese metode word toegepas wanneer die leerling legatospel, staccatospel, pedaalgebruik

en toonproduksie na die voorbeeld van die onderwyser aangeleer.

4. DIALEKTIESE METODE (Gesprekvoering): Hierdie metode word veral in gehooropleiding gebruik. Van die leerling word verwag om mondeling op vrae te reageer. Die metode word ook voortdurend ingespan waar daar 'n beroep op die analitiese, rasionele denke van die leerling gemaak word. Daarom is die metode van kernbelang waar verklanking van 'n visuele musiekbeeld, soos die aanleer van 'n nuwe komposisie, prima-vista-spel en notasieprobleme ter sake is.
5. DIREKTE OF WOORDMETODE: van die bekende na die onbekende:
- Die leerling se voorgeskrewe stukke is verteenwoordigend van die verskillende stylperiodes. 'n Musikale begrip van en aanvoeling vir die Barok-, Klassieke, Romantiese en Kontemporêre styltydperke word deur middel van die direkte metode by die instudering van die voordragstukke by die leerling vasgelê. Hierdie beperkte verworwe kennis word deur die leerling by die herkenning van die stylsoorte van onbekende werke toegepas.

#### 6. SOKRATIESE METODE (Vraag- en Antwoordmetode):

By die toetsing van die leerling word die Sokratiese metode aangewend om te bepaal of die leerstof bemeester is. By die aanleer van musiekteorie word deur die blinde klavieronderwyser veral van die Sokratiese metode gebruik gemaak.

Bogenoemde metodes word gedurende musieklesse gebruik. J. Spencer Curwen kom tot die gevolgtrekking:

"And you may wonder which is best. As a matter of fact we not only want them all, but are constantly using them all, sometimes in the same lesson."

(87 p.251)

#### 7.4 DIE LEERKRAG

Die skrywer, William Lovelock, noem die volgende hoedanighede van 'n onderwyser as vereistes:

"The qualifications of the teacher may be briefly stated:

- a) a thorough knowledge of the subject being taught;
- b) patience;
- c) perseverance;

d) tact; e) enthusiasm; f) punctuality;  
 g) the ability to impart knowledge." (30 vol.  
 I p. 27)

'n Grondige vakkennis van die praktiese en teoretiese aspekte van musiek is die vernaamste kwalifikasie van die klavieronderwyser. Veral die blinde klavierleerkrag, wie se werk dikwels met agterdog bejeën word, moet sorg dra dat hy met deeglike vakkennis toegerus is. In die onderwysberoep is dit noodsaaklik dat feite dikwels herhaal moet word om die leerstof vas te lê. Hierdie herhalingsproses verg eindelose geduld van die onderwyser. Met geduld en begrip sal die blinde klavierleerkrag nie slegs die leerling se vertroue wen en sy belangstelling in musiek verseker nie, maar hy sal deur sy optrede sy waardigheid behou. Volharding is die sleutel tot sukses vir die klavierleerkrag en sy leerlinge. Dit is die plig van die klavieronderwyser om die minderbegaafde leerlinge en die leerlinge wie se belangstelling taan, aan te spoor. Die klavierleerkrag moet ten opsigte van al sy leerlinge sy bes doen; sodoende stel hy 'n navolgingswaardige voorbeeld aan sy leerlinge om steeds hulle beste te lewer. Deur taktvolle optrede kan die klavierleerkrag probleme wat by die leerlinge,

ouers of hoof ontstaan, uit die weg ruim. Leerlinge word geïnspireer deur die geesdrif wat die klavieronderwyser vir sy vak openbaar. Dissipline is 'n vername vereiste vir suksesvolle onderrig en stiptelikheid is noodsaaklik vir dissipline. Die leerkrag wat nie met sy leerlinge kommunikeer en tot hulle peil van begrip daal nie, sal moeilik sukses behaal. Omdat dit opvoedkundig wenslik is dat die klavierleerkrag aanvaarde vakterminologie gebruik, is dit sy taak om die terme aan die leerlinge te verduidelik en seker te maak dat hulle hom verstaan. Vakkennis is baie belangrik, maar dit moet gepaard gaan met die gawe om kennis op 'n verstaanbare wyse aan die leerlinge oor te dra. Deur die leerlinge se aandag te boei en hulle nuuskierigheid te prikkel, wakker die klavierleerkrag die leerlinge se geesdrif vir verdere ontwikkeling aan.

#### 7.5 BESONDERE EISE AAN 'N BLINDE KLAVIERLEERKRAG GESTEL

Sodra die musiekonderrig van 'n nuwe leerling 'n aanvang neem, is die primêre taak van die blinde klavieronderwyser om 'n rustige, ontspanne atmosfeer te skep. Dit is van kardinale belang dat daar 'n goeie verhouding tussen die klavierleerkrag en sy leerling ontstaan. Die

verhouding tussen leerkrag en leerling moet op wedersydse vertrouwe en respek berus.

Elke leerling beskik oor 'n unieke persoonlikheid en bepaalde vermoëns. Dit is die taak van die blinde leerkrag om die selfvertroue en potensiaal van die individu ten volle te ontwikkel deur doelgerigte en stimulerende onderrig. Die blinde klavierleerkrag tree so bedagsaam en geduldig op, dat elke leerling na die volgende les uitsien.

'n Vertrouensverhouding is essensieel, want daarsonder is die blinde klavierkrag nie in staat om 'n blywende bydrae tot die musikale ontwikkeling van die siende leerling te lewer nie. Die blinde musiekonderwyser moet hom beywer om goeie mense-verhoudinge te kweek deur opregte belangstelling in sy kollegas, die ouers en die leerlinge; deur vriendelikheid; deur begrip van die probleme van ander en deur mense belangrik en suksesvol te laat voel. Sodoende is die blinde klavierleerkrag verseker van die samewerking en vertrouwe van die betrokke persone. Daarbenewens moet die blinde leerkrag se kennis, ervaring, agtergrond en persoonlikheid soveel agting afdwing, dat die leerling hom ten volle vertrou.

Die blinde klavierleerkrag moet homself van die liggaamsbou van elk van sy leerlinge vergewis. Die leerkrag laat die leerling voor die klavier sit. Indien die leerling se hakke nie gemaklik op die vloer rus nie, moet die hoogte van die klavierstoel aangepas word. Die afstand vanaf die klavier word deur die lengte van die arm vasgestel. Deur die leerling sy hande in die speelposisie op die klawers te laat plaas, word die afstand vanaf die klavier bepaal. Die grootte van die leerling se hand word deur 'n vergelyking met die leerkrag se hand en veral met die gemaklike omvang tussen duim en pinkie op die klawerbord vasgestel.

#### 7.6 DIE BEGINNER

Dit is belangrik dat die aanvangslesse van 'n beginner kort en informeel aangebied word. Die blinde klavierleerkrag moet hom daarop toelê om die leerling se aandag te boei en sy belangstelling te prikkel.

By 'n jong beginner is dit wenslik dat 'n volwassene, verkieslik die moeder, die eerste lesse bywoon. Die moeder se teenwoordigheid werk gerusstellend op die jong leerling in. Die bywoning

van die lesse stel die moeder in staat om kontrole oor die tuisvoorbereiding van die leerling uit te oefen. By die aanvang van 'n leerling se onderrig verdien die volgende aspekte besondere aandag: 'n natuurlike, ontspanne liggaamshouding voor die klavier, die leerling se oriëntasie ten opsigte van die klawerbord en die ontwikkeling van vingerindividualiteit.

Die leerkrag neem 'n gerieflike, doelmatige sithouding voor die klavier in en die leerling boots dit na terwyl die leerkrag verduidelik en kontroleer. Wanneer die leerling met die knieë net onder die rand van die klawerbord stelling inneem, is hy die vereiste armlengte van die instrument verwyder. Die posisie van die leerling is verkieslik sentraal voor die klavier. Die hoogte van die stoel, verkieslik 'n verstelbare stoel, moet aangepas word, sodat die voorarm in 'n horisontale lyn tot by die eerste vingerlit strek. 'n Doelmatige houding vir klavierspel is soos volg: vingers geboë, sonder dat die eerste litte afwaarts induik, polsgewrigte horisontaal met betrekking tot die klawerbord, elmoë sodanig gebuig, dat die vingers tussen die swart klawers inspeel, skouers ontspanne en bolyf gemaklik vooroor. Die skryfster, Betty Reeves, dui die posisie van die stoel en die houding van die leerling soos volg aan:

"This must, of course, be placed centrally, and at such a height that when the pupil puts his hand upon the keyboard the forearm is stretched out horizontally from the elbow, forming here approximately a right angle, with the upper arm hanging vertically from the shoulder. This horizontal line of forearm should be continued without any hump or depression at the wrist, right over the back of the hand as far as the first finger-joint beyond the knuckles, after which the fingers should curve round gently so that the nailtip is roughly at right-angles with the keys. The thumb should be slightly bent, so that the nail-joint here lies parallel with the divisions between the keys." (96 p. 25)

Die voete word langs mekaar plat op die vloer geplaas. Vir die leerling met kort bene word 'n voetrus gebruik om op te trap. Die blinde klavierleerkrag moet sorg dra dat die leerling gemaklik en ontspanne voor die klavier geplaas is. (Sien afbeeldings 1, 2, 3, en 4.)

AFBEELDING 1



AFBEELDING 2



AFBEELDING 3



AFBEELDING 4



Deur middel van onderwysmedia soos rame, borde, voorbeelde van balkskrif in reliëf en flitskaarte raak die leerling met die notebalk vertrouwd. Aanvanklike lees oefeninge is tot die herkenning en speel van intervalle beperk. Die RNC kaartstelsel is baie nuttig, aangesien die eerste afdeling slegs toonhoogte behandel. In hierdie afdeling word slegs van kwartnote gebruik gemaak en die leerling kan sy onverdeelde aandag aan die oefening wy, sonder die struikelblok van verskillende nootwaardes wat vir die beginner verwarrend is. Die bladlees oefening vir die beginner behels die verskuiwing van die note op die balk. Namate die leerling se lees vermoë ontwikkel, word nuwe simbole, die Franse tydname en die lettername van die note aangeleer. Die onderrig van die beginner berus hoofsaaklik op speletjies waarin 'n beroep op die leerling se insig en ondernemingsgees gedoen word.

Vingerindividualiteit en -koördinasie word ontwikkel met eenvoudige vyfvinger oefeninge wat vanaf die eerste les gedoen word. Aanvanklik speel die leerling die oefeninge met eenvoudige ritmiese dissipline onder toesig van die klavierleerkrag op die toe deksel van die klavier. Tuis word 'n

tafel of enige gelyk oppervlak vir hierdie oefening gebruik. Sodra 'n mate van vingerbeheer verkry is, word hierdie oefening op die klawers uitgevoer, nou met intense beluistering van die toongehalte. Wanneer die leerling een stel vingeroefeninge bemeester het, word 'n moeiliker oefening bygevoeg. Terwyl die oefeninge uitgevoer word, kontroleer die blinde leerkrag die leerling se handposisie en vingerbewegings deur sy hand liggies oor die leerling se hand te plaas. Die skrywer, James W. Bastien, doen die volgende aan die hand:

"Technique, in the beginning, should be given as an aid to developing finger coordination. The weak fingers of a beginner will benefit from simple exercises that may be given by the teacher." (99 p. 154)

Die eerste drie vingers word as die sterk vingers beskou. Vir die optel van 'n voorwerp, die hantering van 'n potlood en die vashou van 'n koppie word hierdie vingers gebruik. By die aanleer van vingeroefeninge vir beginners word aanvanklik op hierdie drie vingers gekonsentreer; die swakker vingers word op 'n later tydstip ingeskakel om die ontwikkeling van die hele hand

te verseker. Alle vingeroefeninge word legato gespeel om sodoende 'n begrip van toonproduksie by die leerling tuis te bring.

Oordrewe, te groot bewegings, wat onnodig is en kontak met die klawerbord verbreek, bemoeilik akkurate spel en beheer en moet vermy word. Net genoeg gewig moet op elke vinger geplaas word om klawerfiksasie te vermy, maar nogtans 'n stewige aanslag te verseker. Ongewenste spierspanning in die rug, skouers, bo-arm en duim sal lei tot onegalige, rukkerige spel. Die leerkrag kontroleer voortdurend of die leerling ontspanne en op sy gemak is. Dit is belangrik dat alle oefeninge met ritmiese egaligheid uitgevoer word om vingerdisipline te verseker. Die leerling moet leer om na sy eie spel te luister en elke toon vooruit te beplan; sodoende word beheer oor toongehalte en klankproduksie verkry. Die linkerhand is 'n spieëlbeeld van die regterhand; dieselfde vingeroefeninge word vir die linkerhand gebruik. Ter wille van tonaliteit begin die duim van die linkerhand op G onder middel-C. (Sien gegradeerde oefeninge in afbeeldings 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12, 13.)



Handoefeninge is noodsaaklik om die handspiere sterk en soepel te maak. Oefeninge waar die vingers om 'n bal druk en ontspan of die hande strek en verslap, is waardevol vir die ontwikkeling van die spiere.

Oefeninge vir die hand-, voorarm- en heellarmtegniek, asook vertikale, laterale, kantel- (rotasie-) bewegings kan met verdrag bygevoeg word. Doelmatige oefeninge ten opsigte van die betrokke tegniese aspekte verskyn in:

Walter Carroll - First Lessons in Bach,

Burgmüller - Progressive Studies opus 100.

Bogenoemde boeke is in braille vanaf die RNIB, London, verkrygbaar.

Sodra die leerling in staat is om bladmusiek te gebruik, word hy van twee boeke voorsien - een met tegniese oefeninge of studies om sy tegniese vaardigheid te ontwikkel en 'n ander met voordragstukke vir genot en vertolking. Die

volgende doelmatige boeke is in braille beskikbaar:

Walter Carroll - First Lessons in Bach, RNIB,  
London

Mrs Curwen - First and Second Steps, RNIB,  
London.

Die volgende brailleboeke met voordragstukke is  
by die Braillemusiekbiblioteek, Worcester,  
beskikbaar:

Beringer - A Complete Pianoforte Tutor

Carroll - First Piano Lessons Book 1; Book 1A;  
Book 2

Diller and Quaile - Tunes from many lands

Evans - Music Land.

Terwyl die leerling besig is om 'n voordragwerk  
met afsonderlike hande aan te leer, volg die blinde  
klavierleerkrag die braillemusiek met sy een hand,  
terwyl hy die leerling se spel kontroleer deur  
sy ander hand liggies oor die hand van die leerling  
te plaas. Sodra die leerling die voordragwerk  
met albei hande speel, kontroleer die leerkrag

tegniese probleme deur albei sy hande oor die hande van die leerling te plaas. Dit is noodsaaklik dat die leerling die betrokke musiek reeds gememoriseer het.



Legato is die basis van tegniek. Vir die beginner word legatospel met die stapproses vergelyk. Wanneer een voet neergesit word, word die ander voet gelig en sodoende word voortbeweeg. Die vingers stap op die klawers. Sodra die volgende klavier gespeel word, styg die vorige klavier. Die leerling word vanaf die eerste les onderrig om na elke toon te luister en die volgende toon te beplan. Vingeroefeninge en toonlere word legato gespeel en die leerling moet deur te luister hom daarop toelê om 'n singende klank voort te bring. Deur die melodie vooraf te sing, ervaar die leerling die vloei van die musiek wat gespeel moet word.

Dit is belangrik dat albei hande ontwikkel moet word. Vir die doel en om te verseker dat die leerling konsentreer en luister, word gememoriseerde tegniese oefeninge en toonlere soos volg vertolk (met elke hand afsonderlik):

1. Speel die oefening mezzo piano, forte, mezzo forte, piano.
2. Regterhand hard, linkerhand sag en omgekeerd.  
Speel met albei hande in teenoorgestelde

rigting C majeur (een oktaaf) regterhand hard,  
linkerhand sag en omgekeerd.


Genoemde oefeninge is ook bevorderlik vir duidelik  
geartikuleerde klanke, vloei en klankbalans.

Die blinde klavierleerkrag verduidelik aan die be-  
ginner dat by staccatoaanslag die note los van  
mekaar moet klink. Een vinger druk die betrokke  
klawer af en word gelig voordat die volgende noot  
deur 'n ander vinger gespeel word. Die volgende  
oefeninge dien as voorbereiding vir staccato.

(Sien afbeeldings 14, 15, 16.)

AFBEELDINGS

14.



Hierdie oefeninge word met elke hand afsonderlik gespeel. Die  
linkerhand se duim begin op G onder middel-C.

## 7.7 DIE GEVORDERDE LEERLING

Dit is noodsaaklik dat die blinde leerkrag tydens elke les van die gevorderde leerling aandag aan alle afdelings van die leerplan skenk. Opnames ter illustrasie van die tegniese versorging en vertolking van musiek word deur die blinde klavieronderwyser aan sy leerlinge voorgespeel. Die bywoning van openbare uitvoerings deur vooraanstaande pianiste is noodsaaklik vir die musikale ontwikkeling van die leerling. Indien die blinde klavierleerkrag sorg dra dat sy klavierspel van so 'n gehalte is dat hy in staat is om die voordragwerke te vertolk, sal dit die leerling motiveer en inspireer. Dit is belangrik dat die blinde klavieronderwyser van tyd tot tyd meesterklasse by 'n gesaghebbende op die gebied van klavierspel bywoon. Sodoende word hy in staat gestel om foute in sy eie spel uit te skakel en professionele leiding aan sy leerlinge te gee. Deur musiekkursusse soos aangebied deur UNISA (103) asook studiegroepvergaderings (104, 127, 128) by te woon, bly hy ingelig ten opsigte van sy vak.

Die leerling moet geleer word hoe om te oefen. 'n Voorgeskrewe oefenmetode word daagliks gevolg, by-

voorbeeld tegniese oefeninge, toonlere, arpeggios, 'n studie; moeilike passasies uit voordragstukke word herhaaldelik met elke hand afsonderlik en daarna met albei hande tegelyk geoefen. Die skrywer, William Lovelock, skryf in hierdie verband:

"A fact that is too frequently overlooked by teachers is that pupils must be taught how to practise. Merely to tell a pupil to practise scales, studies, pieces, etc., is obviously quite useless unless he knows properly how to set about it. Every fresh pupil, whether beginner or otherwise, must receive definite instructions in the art and method of practising; and it may be remarked that in the case of a pupil coming from another teacher it is never wise to assume that he has already been taught what to do." (30 vol. 11 p. 3)

Deur sy hande liggies oor die hande van die leerling te plaas, word tegniese oefeninge, toonlere, gebroke akkoorde en arpeggios doeltreffend deur die blinde klavieronderwyser gekontroleer. Geen leerling is in staat om toonlere en arpeggios foutloos en vinnig met ongerieflike vingersettings uit te voer nie. Sodra huiwering in die spel voorkom,

beseef die blinde klavierleerkrag dat ongerieflike vingersettings die oorsaak is.

Die fisiese bewegings van die leerling ten opsigte van vingeraksie, handposisie, arms en elmoë word gereeld gekontroleer. Die aangewese metodes van kontrole is demonstrasie, ligte kontak met die leerling se skouers, arms en hande tydens klavierspel.

Tydens die aanleer van nuwe studies en voordragstukke maak die blinde klavierleerkrag, ook in die geval van 'n gevorderde leerling, van sy braillekopie gebruik. Sodra die leerling egter 'n werk vlot speel, is dit noodsaaklik dat die leerkrag die musiek van buite ken, of deur herhaling of deur memorisering. Wanneer die blinde klavierleerkrag die voordragwerk van buite ken, is sy hande vry om die leerling se spel te kontroleer terwyl hy op sy geheue en gehoor staatmaak. Die braillekopie word dan slegs vir naslaandoeleindes gebruik. (Sien afbeeldings 17, 18, 19, 20)

AFBEELDING 17



AFBEELDING 18



AFBEELDING 19



AFBEELDING 20



Aangesien musiek op klank en al die skakerings daarvan berus, is dit wenslik dat die leerling homself losmaak van die bladmusiek en op die vertolking van die musiek konsentreer.

Die klavier is 'n slaginstrument. Die klank word voortgebring deur hamers wat teen snare slaan. Die snelheid waarmee die klavier afgedruk word, bepaal die klanksterkte. Nadat die hamer die snaar getref het, neem die klank geleidelik af en die pianis kan op geen wyse die klank beïnvloed nie. Die daaropvolgende klank moet by die voorafgaande toonsterkte aanpas. Om egalige klankproduksie te verseker, moet die leerling luister, konsentreer en beplan.

Die klavier het 'n baie groot dinamiese omvang vanaf pianissimo tot fortissimo. Dit is die taak van die pianis om die klank wat voortgebring word so te beheer, dat die sagste note selfs in 'n konsertsaal hoorbaar sal wees, terwyl die klank by fortissimo nie geforseerd sal klink nie.

Die gehalte en hoeveelheid van die klank sal deur die styl van die betrokke werk bepaal word. Barok-musiek vereis 'n helder, duidelik geartikuleerde en egalige toongehalte in navolging van die klankideaal van die styltydperk. Romantiese komposisies soos onder meer werke van Beethoven, Liszt en sommige Franse komponiste onder andere Debussy en Ravel, verg 'n geronde, dikwels orkestrale effek.

Die gebruik van die una corda by 'n vleuelklavier verander die timbre in 'n sagte, gedempte toon, terwyl die regterpedaal die klankeffek, vanweë simpatieke vibrasies, groter resonans laat verkry. In vinnige passasies is die klankverlies relatief min, gevolglik kan 'n konstante toonsterkte behou word. In 'n stadig bewegende melodie of by akkoordopvolging moet die pianis met intensiewe besluitneming die sterkte van die klank beplan wat moet volg op die klank wat besig is om weg te sterf. Die skrywer, Kendall Taylor, skryf:

"His success, or otherwise, in blending such sounds will be the measure of his artistry." (98 p. 82)

Dit is die verantwoordelikheid van die blinde klavierleerkrag om sy leerlinge se belangstelling in musiek lewendig te hou. Deur deelname aan kunsfeeste kry die leerlinge geleentheid om in die openbaar op te tree en kennis te maak met die vermoëns en spel van ander leerlinge (79). Instansies, onder meer die ATKV (106), SUKOV'S (58), KRUIK (80, 124), NARUK (125), die SAUK (107) en universiteite, onder andere die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (105), bied kompetisies aan om die belangstellende leerling die geleentheid te gee om te toon waartoe hy in staat is. Daarbenewens word besoeke by die universiteite afgelê (110). Universiteite stel aan belowende leerlinge beurse vir tersiêre musiekstudies beskikbaar. (81)

## 7.8 MEMORISERING

Die skryfster, Beryl Rubinstein, onderskei vier metodes wat afsonderlik of gesamentlik by memorisering gebruik word:

1. Memorisering van gehoor: Musiek word gehoor

en in sang of instrumentale vertolking weergegee. Hierdie metode alleen word nie aanbeveel nie, omdat die weergawe nie teksgetrou is nie.

2. Visuele memorisering: Note word verstandelik as klanke waargeneem en fisies deur die vingers op die klawers voortgebring.
3. Taktiele memorisering: waar volgens oordeelkundige vingersettings, bepaalde patrone en grepe gememoriseer word.
4. Analitiese memorisering: 'n Ontleding van die konstruksie van die komposisie word gemaak. 'n Kennis van die vorm, konstruksie, intervalle, akkoorde, sekwense, herhalings en toonverwantskap is noodsaaklik by memorisering. (116 pp. 50-67)

Deur die gesamentlike toepassing van bogenoemde metodes word 'n voordragwerk onder leiding van die blinde klavierleerkrag gememoriseer. Omdat die blinde musiekleerkrag alle voordragstukke vooraf moet memoriseer, is hy in staat om sy leerlinge professionele leiding te gee. Die leerkrag en leerling ontleed die samestelling van die musiek ten

opsigte van melodie, harmonie en ritme. Bepaalde vingersettings en grepe word inge oefen.

Voordat 'n nuwe werk ingestudeer word, moet so 'n komposisie eers as geheel beluister en ontleed word. Daarna kan die oefenproses aangepak word. 'n Getroue weergawe vereis dat die betrokke werk in kort gedeeltes opgedeel en ingestudeer word. Afhangende van die tekstuur van die musiek word sekere komposisies, byvoorbeeld Chopin-walse in frases en ander, byvoorbeeld fugas volgens mate gememoriseer. 'n Gedeelte word tot in die fynste besonderhede ten opsigte van vingersettings, dinamiek en frasering eers stadig en later teen die vereiste tempo ingestudeer, voordat die volgende gedeelte geleer word.

Die voordrag van 'n gememoriseerde voordragwerk berus op die gehoor, vingers en denke. Die visuele waarneming is belangrik by die aanleer van 'n komposisie.

Dit is belangrik dat die leerling vanaf 'n vroeë stadium in sy opleiding geleer word om te memoriseer. Vir die praktiese eksamens van UNISA word van die kandidate vanaf Graad I tot Graad IV (klavier)

verwag om een van die voorgeskrewe stukke vir elke eksamen gememoriseerd voor te dra. Die visualiseringsoefeninge wat deur UNISA vir Praktiese Musiek leer tot en met Graad V voorgeskryf word, is waardevolle studiemateriaal by memorisering.

'n Deurleefde, musikale voordrag is slegs moontlik indien die pianis, losgemaak van die bladmusiek, hom ten volle aan die vertolking kan wy.

#### 7.9 RITME

Musiek is geordende klank en 'n samestelling van melodie, harmonie en ritme. As gevolg van die verweefdheid van die drie aspekte van musiek, is dit moeilik om elk as losstaande begrip uit te sonder.

Ritme verleen stukrag aan musiek - die onontbeerlike voortbeweging na 'n klimaks of kadens. Die skrywers, Helene Robinson en Richard L. Jarvis skryf soos volg:

"The surge of rhythm is, to a large degree, the life-blood of music." (115 p. 95)



kelde ritmiese patroue met albei hande tegelyk op 'n  
tafel te klop. (Sien afbeelding 23.)

AFBEELDING 23



Indien die ritmiese samestelling van 'n voordrag-  
stuk vooraf bestudeer is, word die bemeestering van  
die geheel vergemaklik. Die aanleer van 'n nuwe  
stuk word vergemaklik indien die leerling aangemoed-  
dig word om hardop te tel.

Die gebruik van woorde en lettergrepe om ingewik-  
kelde ritmiese patrone te ontleed, word aangemoed-  
dig.

#### 7.10 PRIMA VISTA-SPEL

Blad lees is die belangrikste aspek van musiekonder-  
rig. Die vermoë om van die blad te speel, is van  
onskatbare waarde by die aanleer van voordragstuk-

ke. Die skrywer, Edwin Gordon, beweer die volgende ten opsigte van bladles:

"Realistically, to read instrumental music properly, one must be able to hear tonally and feel rhythmically what is seen in music notation before it is performed on a musical instrument." (86 p.120)

'n Goed ontwikkelde leestegniek stel 'n leerling, selfs nadat hy sy onderrig gestaak het, in staat om musiek te beoefen. Hoewel sommige leerlinge oor 'n natuurlike gawe beskik om van die blad te speel, is dit die taak van die klavierleerkrag om die leesvermoë van al sy leerlinge maksimaal te ontwikkel.

By die onderrig van bladles word die volgende probleme geïdentifiseer: Vanweë die gebruik van maatlyne in musiek is leerlinge geneig om van maat tot maat te speel. Om hierdie probleem te oorkom, word die leerling geleer om vooruit in frases te lees. By die onderrig van beginners word van musiek sonder maatlyne gebruik gemaak. Die 'blinde leerkrag' word deur 'n siende persoon bygestaan om musiek sonder maatlyne te skryf.

Kort frases wat oorwegend uit kwartnote bestaan, word sonder maatlyne met die nodige frasering geskryf. Melodieë van bekende korale of volkswysies verseker die vloeï van die leerling se spel en vergemaklik kontrole deur die leerkrag. (Sien afbeeldings 23, 24.)

## AFBEELDINGS

23.



24.



'n Probleem ontstaan wanneer die leerling op sy hande kyk en sodoende sy plek op die bladmusiek verloor. Hierdie leestegniek veroorsaak onderbrekings. Die leerling word geleer om met een oogopslag die nodige waarneulings te doen, sonder om

die fokus van die bladmusiek te verskuif. Deur sy hand liggies op die leerling se hoof te plaas, stel die leerkrag vas of die leerling kopbewegings uitvoer, soos byvoorbeeld op- en afkyk.

Kontinuiteit is 'n vereiste wanneer van die blad gespeel word. Die musiek mag nie vir die regstelling van foutiewe note onderbreek word nie. 'n Musikale uitvoering van bladmusiek word verkry namate die leering se sin vir toonaarde ontwikkel.

Die bladleesoefeninge soos deur die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) en die Royal Schools (ASB) vir die verskillende grade voorgeskryf, is in braille beskikbaar. Eksamenbundels verskaf uitstekende bladleesoefeninge. Die leerling gebruik bv. 'n bundel twee grade laer as dié van sy voordragstukke.

Bladleesoefeninge van beginners tot en met Graad V word deur die blinde klavieronderwyser in braille gevolg. Gevorderde bladleesoefeninge word vooraf deur die leerkrag ingestudeer om voldoende kontrole te verseker.

#### 7.11 GEHOOROPLEIDING

Gehooropleiding vereis konsentrasie en die vermoë

om in klank te dink. Die leerling word geleer om die musiek wat hy hoor in beweging (stap en/of klap), sang en voordrag weer te gee. Die doel van gehooropleiding is om die leerling in staat te stel om musiek wat hy visueel waarneem, te hoor sonder dat dit uitgevoer word. Aandag moet aan toonhoogte sowel as die ritmiese aspek van musiek bestee word. Die blinde leerling help die leerling selfvertroue ontwikkel om die musiek wat hy hoor, weer te gee. In koorsang en ensemblewerk kry die leerling die geleentheid om sy gehoor verder te ontwikkel. Die eksamenvereistes vir elke graad ten opsigte van gehoortoetse verskyn in die betrokke sillabusse.

#### 7.12 MUSIEKTEORIE

Teorie is die skriftelike komponent van musiek. Teorie vorm 'n integrale deel van 'n leerling se musiekopleiding. 'n Grondige kennis van teorie is die sleutel tot toonkuns. Musiekteorie is onontbeerlik vir die ontwikkeling van 'n leerling se bladles en gehooropleiding. 'n Studie van musiekteorie sluit die onderrig van musiekgeskiedenis in. In musiekgeskiedenis doen die leerling kennis op van musiekperiodes en stylsoorte wat noodsaaklik is vir stylgetroue vertolkings.

Nasienwerk word deur die eggenote, kollegas, gevorderde of oud-leerlinge gedoen. Leerlinge in senior standerds is in staat om hulle eie werk onder leiding van die leerkrag na te sien. Die volgende publikasies vir musiekteoretiese onderrig is in braille beskikbaar:

Marie Blignault - Praktiese Oefeninge in Musiekteorie,

Arthur Wegelin - Praktiese Harmonieleer van die Diatoniek,

Wise en Van der Spuy - Musiekgeskiedenis en Algemene Musiekkennis,

Bogenoemde publikasies is by die Brailledrukkery, Pionierskool, Worcester beskikbaar.

Die volgende publikasies in verband met musiekteorie is by die RNIB, London verkrygbaar:

Percy Buck - Unfigured Harmony,

Stewart MacPherson - Melody and Harmony,

Stewart Macpherson - Practical Harmony,

Stewart Mcpherson - Rudiments or Music.

## 7.13 KLAWERBORDHARMONIE

In klawerbordharmonie word musiekteoretiese begrippe prakties voorgestel. Toonkuns vind beslag in klawerbordharmonie. Die onderrig van klawerbordharmonie ontwikkel die leerling se sin vir toonaarde en leer hom om in intervalle te dink. Kontrole deur die leerkrag vind plaas terwyl die leerling die oefeninge op die klavier speel.

## HOOFSTUK 8 KLAVIERTEGNIËK

### 8.1 TEGNIESE OEFENINGE

Tegniek is die vaardigheid wat gebruik word om 'n doel te bereik. Soos 'n krieketspeler 'n tegniek moet ontwikkel om die bal raak te slaan, so moet die pianis verskillende metodes gebruik om die gewenste klank uit die klavier te kry. Die tegniese aspek van klavierspel moet vanaf die eerste musiekles voortdurend aandag geniet. Dit is die verantwoordelikheid van die blinde klavieronderwyser om oefenprobleme, afwykings ten opsigte van spierkoördinasie en vertraagde vordering as gevolg van onderontwikkelde hand- en vingerspiere te identifiseer en remediërende oefeninge voor te skryf. In die Trapstelsel (die leerplan vir buite-kurrikulêre musiekonderrig) word tegniese oefeninge vanaf trap 1 tot en met trap 10 voorgeskryf. By elke trap verskyn 'n lys van boeke wat geskikte tegniese oefeninge vir die betrokke trap bevat. (71)

### 8.2 TOONLERE

Om majeurtoonlere aan leerlinge te verduidelik,


word van die tetrachordopvolging, wat aan elke toonleer 'n bepaalde konstruksie verleen, gebruik gemaak. 'n Tetrachord bestaan uit drie heeltone en een halftoon. Elke majeuretoonleer bestaan uit twee tetrachorde. C majeur bestaan uit 'n reeks wit klawers met halftone tussen E en F; B en C. Wanneer die daaropvolgende kruistoonleer gekonstrueer word, word die onderste tetrachord van die vorige toonleer weggelaat en 'n nuwe reeks van vier note wat die verhoogde sewende noot insluit, word bygevoeg. Elke daaropvolgende toonleer bevat gevolglik een kruis meer as die vorige toonleer. (Sien afbeelding 1.)

AFBEELDING 1



In die geval van toonlere met moltekens word die onderste tetrachord behou en 'n nuwe tetrachord met 'n verlaagde vierde word onderaan bygevoeg. Elke daaropvolgende toonleer bevat een mol meer as die vorige toonleer. (Sien afbeelding 2.)

AFBEELDING 2



Die harmoniese mineurtoonleer volg dieselfde patroon as die verwante majeuretoonleer, maar die sewende noot word verhoog. 'n Ander voorstelling van die mineurtoonleer stem ooreen met die tonika-majeurtoonleer, maar met die derde en sesde note verlaag. (Sien afbeelding 3.)

AFBEELDING 3



Die melodiese mineurtoonleer (stygend) word in twee tetrachorde verdeel. Die eerste tetrachord stem met dié van die harmoniese mineurtoonleer ooreen, terwyl die tweede tetrachord op die konstruksie van die tonika-majeurtoonleer berus. (Sien afbeelding 4.)

AFBEELDING 4





optimaal ontwikkel. Die tegniek om die duim gemaklik onder die derde of vierde vinger deur te sit, waardeur die verskuiwing van die handposisie op die klawerbord plaasvind, word so bemeester.

By toonleerspel is dit belangrik dat die leerling sy hand effens na binne kantel. Hierdie handposisie vergemaklik die deursit van die duim onder die ander vingers en verhoed dat die elmboog lig wanneer die duim vir die volgende groep note in posisie gebring word. Dubbelderdes vereis dat die hand in die rigting waarin gespeel word, draai om legatospel te verseker. Deur sy hande liggies oor die hande van die leerling te plaas, kontroleer die blinde klavierleerkrag handbewegings en vingersettings. (Sien afbeelding 6.)

AFBEELDING 6



## 8.3 LEGATOSPEL

Omdat legatospel 'n basiese vereiste vir klaviertegn-  
 niek is, verg dit intensiewe studie. Aan die leer-  
 ling word verduidelik dat by legato 'n klavier die volle  
 afstand afgedruk en gehou word totdat die volgende  
 klavier gespeel word. Die klanke moet mekaar opvolg  
 sonder 'n onderbreking in die vloei van die klank  
 en sonder dat die klanke oorvleuel. Talle oefen-  
 ings dien as voorbereiding vir legatospel. (Sien  
 afbeelding 7.)

## AFBEELDING 7

Ex. 6:2. Beginning exercise.

(a)

1 2 1 2 1    1 2 1 2 1    etc.

2 3 2 3 2    2 3 2 3 2

3 4 3 4 3    3 4 3 4 3

4 5 4 5 4    4 5 4 5 4

(b)


1 2 1    2 3 2    3 4 3    4 5 4

Die oefening in Afbeelding 7 word ook vir die linkerhand gebruik; die oefening vir die linkerhand begin met die duim op G onder middel-C.

Die volgende oefening moet teen 'n stadige tempo gespeel word. (Sien afbeelding 8.)

#### AFBEELDING 8

Ex. 6:11. Legato five-finger pattern.<sup>17</sup>



(99 P. 167)

Voorts kan van studies en voordragstukke vir die bemeestering van legatospel gebruik gemaak word. Die meeste stadige dele van sonates en sonatines uit die klassieke periode is geskikte studiemateriaal. Deur musiekbeluistering maak die leerling met die legato-spel van uitvoerende musici kennis. Versierings word deurgespeel, elke klavier word die volle afstand afgedruk, sodat elke toon duidelik geartikuleer word.

#### 8.4 STACCATOSPEL

Staccatospel vorm 'n integrale deel van klaviertegniek.

Die klavierpedagoog, Rudolf M. Breithaupt (1873 - 1945), soos aangehaal deur dr. W.C.M. Kloppenburg, onderskei sewe verskillende soorte staccato:

1. Skudstaccato - uitgevoer deur 'n swaaiende rolbeweging van die arm en hand, terwyl die hand betreklik passief is, byvoorbeeld Schumann, Kinderszenen - Haschemann.
2. Rolstaccato - uitgevoer met 'n vinnige rolswaai van die arm (vir vinnige spel en gebroke vorme), byvoorbeeld Beethoven, Sonate op. 31 no. 3 (stadige deel) en Liszt, Gnomenreigen.
3. Stootstaccato - uitgevoer met 'n stootbeweging van die voorarm (geskik vir sforzati, staccato-dubbelgrepe, forte, martellato en grootste snelheid), byvoorbeeld Brahms; Händel, Variasies no. 7.
4. Slagstaccato - uitgevoer deur die slaankrag van die hand, voorarm of hele arm; die vibrato of bravura ontstaan deur die slaankrag van die voorarm. Die pols word stewig gehou, die hele arm vibreer-(geskik vir passasies wat groot krag en uithou vermoë vereis), byvoorbeeld Chopin, Etude op. 25 no. 9 in G-mol majeur.

5. Portato-staccato - word uitgevoer deur 'n afglybeweging van die vingers of met 'n sydelingse beweging van die hand en arm byvoorbeeld Mendelssohn, Frühlingslied.
6. Pizzicato-staccato - word gespeel met 'n neersitbeweging van die hand en arm of met sterk geboë vingers.
7. Kort, skerp staccato soos mandolien- of kitaarmusiek - word uitgevoer deur 'n vinnige oplig van die hand en stewig geboë vingers, byvoorbeeld Schubert, Moment Musical in f mineur op. 94 no 3. (95 p. 30)

In klaviermusiek word die toonduur deur die dempers en pedale bepaal. Die val en oplig van die hand by die polsgewrig by handstaccato, sowel as die vingerbewegings by vingerstaccato word deur die klavierleerkrag gedemonstreer en deur die leerling nageboots. Die klavierleerkrag kontroleer die bewegings van die leerling se polsgewrig en vingers deur sy een hand onder die pols en die ander hand liggies oor die bewegende vingers van die leerling te plaas. Die leerling eksperimenteer totdat die verlangde staccato-effek verkry word.

## 8.5 VINGERWERK

Vingerwerk word verbeter deur 'n passasie stadig met oordrewe vingeraksie te oefen, dit wil sê die vingers word hoog opgelig en diep afgedruk terwyl die gedeelte stadig gespeel word. Sodoende word elke toon duidelik geartikuleer. Hierdie oordrewe vingerwerk word deur die leerkrag met sy hande oor die hande van die leerling gekontroleer. Sodra die speeltempo versnel, word die bewegings kleiner. Die kleiner bewegings word weer eens deur die leerkrag gekontroleer.

## 8.6 PEDDAALGEBRUIK

Die meeste klaviere is met twee pedale, die regter- en die linkerpedaal toegerus. By sommige klaviere word ook 'n middelpedaal (Steinway-pedaal) aange-tref. Die regterpedaal word gebruik om die klank te verleng, te verryk en te vergroot. Deur die linkerpedaalaanwending word die klanksterkte verminder (by 'n vleuelklavier word die toonkleur verander). Deur die gebruik van die middelpedaal word spesifieke klanke aangehou.

By die aanwending van die pedaal plaas die leerling sy voetsool op die pedaal, terwyl die hak stewig op die vloer rus. Sodra die leerling die pedaal doeltreffend gebruik sonder om sy posisie op die stoel te verskuif of om sy hak van die vloer te lig, is hy gereed vir die aanwending van die pedale in sy voordragwerke. Namate die leerling musikaal ontwikkel, word hy in die verskillende pedaaltegnieke onderrig. Die skrywers, Cora B. Ahrens en G. D. Atkinson, onderskei die volgende pedaalgebruike (regterpedaal):

1. Legatopedaal - waar die regterpedaal afwaarts gebruik word nadat die noot of akkoord gespeel is en gelig word met die speel van die volgende noot of akkoord waarvoor pedaalverwisseling vereis word.
2. Ritmiese of non-legatopedaal - waar die af- en opwaartse aanwending van die regterpedaal in ooreenstemming met die sterk en swak pols- slae is.
3. Halfpedaal - waar 'n baie vinnige pedaalverwisseling in die onderste helfte van die pedaal- aksie plaasvind. Die pedaal word nie ten volle

gelig nie, om te verseker dat die klank voortduur. Halfpedaal word gebruik vir effekte soos verkry deur die aanwending van die middelpe- daal wat by sommige klaviere aangetref word.

4. Gedeeltelike demping - waar pedaalwisseling in die boonste gedeelte van die pedaalaksie plaasvind. Hierdie tegniek word aangewend vir werke wat oorspronklik vir die klavesimbel gekomponeer is, aangesien die resonansie wat deur gedeeltelike demping verkry word, stilisties bevredigend is.
  
5. Pedaaletremolo is 'n baie vinnige gedeeltelike demping. Deur hierdie tegniek word 'n geleidelike afname in klank verkry, aangesien volledige pedaalwisseling die klank te skielik demp (97 pp. 28, 29). Dit word ook gebruik waar resonansie vereis word in 'n passaat met snel wisselende harmonieë, of waarin daar talle versieringstone voorkom.

Die blinde leerkrag demonstreer en verduidelik die beheer van die pedale. Die voetsool bly in aanraking met die pedaal in die af- en opwaartse beweging. Die beheer wat sodoende uitgeoefen word, skakel steurende geluide uit.

Indien pedaalaanduidings in 'n betrokke werk ontbreek, demonstreer die blinde klavierleerkrag die gebruik van die pedaal, terwyl die leerling die aanduidings in die bladmusiek aanbring. Die blinde klavierleerkrag kontroleer pedaalgebruik deur sy hand liggies op die knie van die leerling te plaas om die beweging van die been te volg. 'n Ander metode van kontrolering is om sy voet liggies op die voet van die leerling te plaas. Dit is van kardinale belang dat die leerkrag en leerling luister en konsentreer en sodoende verseker dat die pedaal stilisties getrou gebruik word.

#### 8.7 FRASERING

Frasering vervul die funksie van leestekens in musiek. Frasieringstekens word in braillemusiek aangedui. Die blinde klavierleerkrag verduidelik aan die leerling dat hy in frases moet dink om die vloei van die musiek te verseker. Die blinde klavierleerkrag demonstreer die soepel, grasiëuse ontspanbeweging van die polsgewrig aan die einde van frases. Die leerling boots die bewegings na en eksperimenteer, terwyl die leerkrag deur ligte aanraking van die leerling se polsgewrigte en hande kontroleer.

## 8.8 DEMONSTRASIE

Demonstrasies vorm 'n integrale deel van die blinde klavierleerkrag se onderwysmetodologie. Omdat tegniek deur middel van demonstrasies aan die leerling verduidelik word, is dit noodsaaklik dat die blinde klavierleerkrag se klavierspel op peil is. Tegnieke vaardigheid stel die blinde klavierleerkrag in staat om tegnieke soos vinger- en handstaccato, rotasiebeweging, vinger- en voorarmspel, legatospel, pedaalgebruik en frasering te demonstreer.

## HOOFSTUK 9 EVALUERING VAN DIE BLINDE KLAVIERONDER- WYSER

Alle gegewens in hierdie hoofstuk vervat, is die resultaat van antwoorde op vraelyste wat deur die Rekensentrum van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat verwerk is. 'n Vraelys van 32 vrae is aan 'n aantal siende oud-leerlinge van 3 geheel blinde musiekleerkrigte gestuur.

(Sien bylae 1.) (29)

Die terugvoering van die betrokke vraelys was 72,2 %, wat as 'n baie goeie terugvoering beskou word. Dertien (40,6 %) van die ondervraagde oud-leerlinge het tersiêre opleiding in musiek ontvang; agt (25 %) beklee Departementele poste as klavierleerkrigte.

Die drie blinde musiekleerkrigte wat in die ondersoek betrek is, word as verteenwoordigend van die blinde musiekpersoneel in die land beskou, aangesien een leerkrig met private musiekonderrig op die platteland genooid is, 'n tweede persoon 'n pos aan 'n laerskool in 'n stadsgebied beklee, terwyl 'n

derde musiekonderwyser aan 'n hoërskool in 'n stad verbonde is.

Die betrokke musiekleerkrigte beskik oor jarelange onderwysondervinding wat van 22 tot 34 jaar wissel. Vanweë genoemde musiekleerkrigte se ondervinding en hulle volgehoue opvoedkundige bydrae tot die gemeenskap waarin hulle werk, is geen vooroordeel van die oud-leerlinge en hulle ouers op die vraelys aangetoon nie.

#### 9.1 DIE SIENDE OUD-LEERLING

25 % van die oud-leerlinge het hulle eerste musiekonderrig van 'n blinde leerkrig ontvang, terwyl 75 % se aanvanklike onderrig by 'n siende musiekleerkrig was. Die ondervraagdes se gewaardwording tydens hulle eerste les by 'n blinde klavierleerkrig is deur 37,5 % as gewoon beskryf, 21,9 % was tevrede en 40,6 % dui aan dat hulle baie gelukkig was.

Wat vordering betref, toon 8 % aan dat hulle vordering by die blinde musiekleerkrig stadiger as by die siende onderwyser was, 48 % beskou hulle vordering as op gelyke pas, terwyl 44 % aandui dat hulle vinniger by die blinde musiekleerkrig as by die siende onderwyser gevorder het.

Altesaam 71,9 % het, nadat hulle onderrig van 'n blinde musiekleerkrag ontvang het, hulle studies by siende persone voortgesit. Van die betrokke groep verklaar 16 % dat hulle stadiger, 50 % dat hulle op gelyke pas en 24 % dat hulle vinniger by die siende leerkrag as by die blinde persoon gevorder het.

Uit die vraelys kom 'n baie positiewe beeld van die blinde klavierleerkrag aan die lig. Die oud-leerlinge wat by die onderrig deur blinde klavieronderwysers gebaat het, openbaar erkentlikheid vir die werk wat gedoen is. Die verhouding tussen die blinde musiekleerkragte en hulle oud-leerlinge was besonder goed; 75 % bestempel die verhouding as uitstekend en 25 % as goed. Die bevinding is veelseggend as in aanmerking geneem word dat die vraelyste anoniem aan die studieleier gerig is.

Die volgende statistiese gegewens uit die vraelys is insiggewend. Die blinde musiekleerkragte se musiekkennis is deur die ondervraagde oud-leerlinge soos volg beoordeel: deur 71,9 % as uitstekend, deur 3,1 % as baie goed, deur 21,9 % as goed en deur 3,1 % as bevredigend. Uit die voorafgaande

gegewens is 'n gemiddelde persentasietoekenning van 94,06 % verkry. Die vermoë van die blinde klavierleerkrigte om hulle kennis oor te dra, is soos volg aangedui: deur 53,1 % as uitstekend, deur 40,6 % as goed en deur 6,3 % as bevredigend; die gemiddelde persentasietoekenning is 89,38.

Dit blyk dat 93,8 % die vertrouwe het om weer musiekonderrig van 'n blinde leerkrig te ontvang. Dieselfde persentasie is bereid om 'n blinde musiekleerkrig aan te beveel. Slegs 16 % dui aan dat hulle beter sou vorder indien hulle nie by 'n blinde musiekleerkrig lesse geneem het nie.

(Sien Tabel 1.)

TABEL 1

## EVALUERING VAN BLINDE MUSTEKLEERKRAGTE

Persentasie oud-leerlinge se menings ten opsigte van onderstaande aspekte van musiekonderrig deur blinde musiekleerkrigte

	Uitstekend	Bale Goed	Goed	Bevredigend	Gemiddelde % toegeken
VERHOUDING ONDERWYSER/ LEERLING	75		25		95
MUSIEKKEN- NIS/LEER- KRAG	71,9	3,1	21,9	3,1	94,06
METODES VAN OORDRAG VAN KENNIS	53,1		40,6	6,3	89,38
KLAVIER	50	7,7	30,8	11,5	88,46
ORREL	50	25		25	85
BLOKFLUIT	54,5		45,5		90,09
TEORIE	51,7	3,5	34,5	10,3	88,62
HARMONIE	57,1		33,3	9,5	89,52

9.1.1 VERGELYKING TUSSEN BLINDE EN SIENDE  
LEERKRAGTE VOLGENS INLIGTING UIT DIE VRAELYS  
AAN OUD-LEERLINGE VERKRY

Alhoewel die verhandeling die didaktiese problematiek van die klavieronderrig deur blinde leerkragte aan hulle siende leerlinge ten doel het, word verwante dissiplines ingesluit om die hele spektrum van musiekonderrig te dek.

Van die oud-leerlinge het 87,5 % praktiese, 90,6 % teoretiese en 65,6 % harmonie-onderrig van die betrokke blinde klavierleerkragte ontvang. Altesaam 93,8 % van die leerlinge was tevrede met hulle algemene vordering op musiekgebied; 77,4 % het ten tye van die onderrig hulle vordering met dié van hulle maats by siende leerkragte vergelyk: 4 % is die mening toegedaan dat hulle vordering stadiger as dié van hulle maats was, 52 % dui aan dat hulle vordering op gelyke pas was en 44 % is van mening dat hulle vinniger as hulle maats by siende leerkragte gevorder het.

Ten opsigte van klavier het die oud-leerlinge die onderrig deur die blinde leerkragte soos volg

aangedui: 11,5 % het die onderrig as bevredigend, 30,8 % as goed, 7,7 % as baie goed en 50 % as uitstekend bestempel. Die gemiddelde persentasietoekenning is 88,46.

Die gehalte van onderrig in orrel is deur 25 % as bevredigend, 25 % as goed en 50 % as uitstekend bestempel. Genoemde syfers gee 'n gemiddelde persentasietoekenning van 85.

Die onderrig van blokfluit is deur 45,5 % as goed en deur 54,5 % as uitstekend aangedui. Die gemiddelde persentasietoekenning is 90,1. Vordering in praktiese werk in vergelyking met dié van hulle maats by siende leerkragte is deur 3,2 % as stadiger, 58,1 % as op gelyke pas en 38,7 % as vinniger bestempel.

Die gehalte van onderrig in Musiekteorie deur die blinde musiekleerkragte is deur 10,3 % as bevredigend, deur 34,5 % as goed, 3,5 % as baie goed en deur 51,7 % as uitstekend aangedui. Die gemiddelde persentasietoekenning is 88,62. In vergelyking met hulle maats wat teorielesse by siende leerkragte geneem het, dui die oud-leerlinge hulle vordering soos volg aan: 10,3 % as stadiger, 51,8 % as op gelyke pas en 37,9 % as vinniger.

Wat Harmonie betref, is die onderrig van die blinde musiekleerkrigte deur 9,5 % as bevredigend, 33,4 % as goed en 57,1 % as uitstekend bestempel. Die gemiddelde persentasietoekenning is 89,52. Ten opsigte van Harmonie-onderrig dui die oud-leerlinge hulle vordering in vergelyking met dié van hulle maats by siende leerkrigte soos volg aan: 9,1 % as stadiger, 54,5 % as op gelyke pas en 36,4 % as vinniger.

Die oud-leerlinge kom tot die gevolgtrekking dat die onderrig deur die blinde musiekleerkrigte wel die moeite werd was: vir 78,1 % beslis, 15,6 % wel deeglik en 6,3 % tot 'n mate.

(Sien Tabel 2) (29)

TABEL 2

## VERGELYKING - BLINDE LEERKRAGTE/SIENDE LEERKRAGTE

(Meningsopname van oud-leerlinge)

%

1. Vordering by gesiggestremde na aanvanklike onderrig by siende onderwyser	Stadiger	8
	Op gelyke pas	48
	Vinniger	44
2. Vordering by siende onderwyser na aanvanklike onderrig by gesiggestremde leerkrag	Stadiger	16
	Op gelyke pas	60
	Vinniger	24
3. Algemene musiekvordering in vergelyking met dié van maats by siende onderwyser	Stadiger	4
	Op gelyke pas	52
	Vinniger	44
4. Vordering ten opsigte van praktiese werk in vergelyking met dié van maats by siende leerkrag	Stadiger	3,2
	Op gelyke pas	58,1
	Vinniger	38,7
5. Vordering ten opsigte van teoretiese onderrig in vergelyking met dié van maats by siende leerkrag	Stadiger	10,3
	Op gelyke pas	51,8
	Vinniger	37,9
6. Vordering ten opsigte van Harmonie in vergelyking met dié van maats by siende leerkrag	Stadiger	9,1
	Op gelyke pas	54,5
	Vinniger	36,4

NAVORSING IN VERBAND MET GESIGGESTREMDE MUSIEKONDERWYSERS

STRENG VERTROULIK

VRAELYS AAN OUD-LEERLINGE (MUSIEK)

ELKE OUD-LEERLING MOET ASB 'n AFSONDERLIKE LYS VOLTOOL.

VOLTOOIING VAN VRAELYS

1. Gebruik slegs 'n blou rolpuntepen; beslis nie 'n potlood nie.
2. Verstrek u antwoord deur slegs 'n kruisie in die leë blokkie teenoor die betrokke kodenommer te maak.

VOORBEELD

Het u Praktiese musiekonderrig van die gesiggestremde persoon ontvang?

Ja  
Nee

X	1
	2

Dui die instrument(c) aan en ken punte vir gehalte van onderrig toe; let asb. op die gebruik van syfers in die blokkies.

Uitstekend 10  
Goed 08  
Bevredigend 06  
Swak 04

Spesifiseer

Instrument		
Klavier	X	1
Orrel		2
Blokfluit	X	3
Viool		4
Fluit		5
Sang		6
Ander .....		7

Punte	
0	8
1	0

Pos asb. die voltooide vraelys voor 30 April.

## VRAELYS AAN OUD-LEERLINGE (MUSIEK)

- VRAELYSNOMMER 

--	--	--	--

 1- 4
1. Was u eerste musiekonderrig by die gesiggestremde onderwyser?
- |     |  |   |
|-----|--|---|
| Ja  |  | 1 |
| Nee |  | 2 |
- 5
2. Indien wel, hoe oud was u? (ook op volwassenes van toepassing)
- |  |  |
|--|--|
|  |  |
|--|--|
- 6- 7
3. Indien u op skool met musieklesse begin het, in watter standaard was u?
- |    |  |  |
|----|--|--|
| St |  |  |
|----|--|--|
- 8- 9
4. Indien u aanvanklike onderrig by 'n siende onderwyser was en u op 'n later tydstip by die gesiggestremde persoon les geneem het, was die aanpassing moeilik?
- |     |  |   |
|-----|--|---|
| Ja  |  | 1 |
| Nee |  | 2 |
- 10
5. Hoe was u verdere vordering by die gesiggestremde onderwyser in vergelyking met u vorige vordering?
- |               |  |   |
|---------------|--|---|
| Stadiger      |  | 1 |
| Op gelyke pas |  | 2 |
| Vinniger      |  | 3 |
- 11
6. Na u onderrig by die gesiggestremde onderwyser, het u u studies by 'n siende onderwyser voortgesit?
- |     |  |   |
|-----|--|---|
| Ja  |  | 1 |
| Nee |  | 2 |
- 12
7. Hoe was u vordering by die siende musiekonderwyser in vergelyking met u vorige onderrig?
- |               |  |   |
|---------------|--|---|
| Stadiger      |  | 1 |
| Op gelyke pas |  | 2 |
| Vinniger      |  | 3 |
- 13

8. Het u die aanpassing by die siende onderwyser moeilik gevind?

Ja

	1
	2

Nee

14

9. Sou u beter gevorder het indien u nie by die gesiggestremde onderwyser was nie?

Ja

	1
	2

Nee

15

10. Het u Praktiese onderrig van die gesiggestremde onderwyser ontvang?

Ja

	1
	2

Nee

16

11. Dui die instrument(e) aan en ken punte toe vir gehalte van onderrig. (Sien gebruik van syfers in voorbeeld op bl 1).

Spesifiseer

Instrument		
Klavier		1
Orrel		2
Blokfluit		3
Viool		4
Fluit		5
Sang		6
Ander		7

Punte	
	17-19
	20-22
	23-25
	26-28
	29-31
	32-34
	35-37

12. Hoe was u vordering in vergelyking met dié van u maats by siende onderwysers?

Stadiger	1
Op gelyke pas	2
Vinniger	3

38

13. Het u Teorielesse by die gesiggestremde onderwyser geneem?

Ja

	1
	2

Nee

39

Punte

14. Dui u vordering aan deur punte toe te ken. (Sien gebruik van syfers in voorbeeld op bl 1).

Uitstekend		
Goed		
Bevredigend		
Swak		

40-41

15. Hoe was u vordering in vergelyking met dié van u maats by siende onderwysers?

Stadiger		1
Op gelyke pas		2
Vinniger		3

42

16. Het u Harmonielesse van die gesiggestremde onderwyser ontvang?

Ja

	1
	2

Nee

43

17. Dui die gehalte van onderrig aan. (Sien gebruik van syfers in voorbeeld op bl 1).  
Ken punte toe.

Uitstekend		
Goed		
Bevredigend		
Swak		

44-45

18. Hoe was u vordering in vergelyking met dié van u maats by siende onderwysers?

Stadiger		1
Op gelyke pas		2
Vinniger		3

46

19. Was u destyds tevrede met u vordering by die gesiggestremde onderwyser?

Ja

	1
	2

Nee

47

20. Het u destyds u algemene musiekvordering met dié van u maats vergelyk?

Ja

	1
	2

Nee

48

21. Indien wel, hoe was u vordering by die gesiggestremde onderwyser?

Swakker		1
Net so goed		2
Beter		3

49

22. Volgens u huidige oordeel, was u onderrig by die gesiggestremde onderwyser die moeite werd?

Beslis		1
Wel deeglik		2
Tot 'n mate		3
Nee		4

50

23. Dui u gewaarwordings tydens u eerste musiekles by die gesiggestremde onderwyser aan.

Ongewoon		1
Tevrede		2
Baie gelukkig		3

51

24. Was u ooit bevooroordeel teen die gesiggestremde musiekonderwyser?

Ja

	1
	2

Nee

52

25. Was u ouers ooit bevooroordeel teen die gesiggestremde onderwyser?

Ja

	1
	2

Nee

53

26. Was u maats wat by siende onderwysers musieklesse geneem het bevooroordeeld teen die gesiggestremde persoon?
- |     |  |   |    |
|-----|--|---|----|
| Ja  |  | 1 | 54 |
| Nee |  | 2 |    |
27. Was u ooit aangeraai om u onderrig by die gesiggestremde persoon te staak?
- |     |  |   |    |
|-----|--|---|----|
| Ja  |  | 1 | 55 |
| Nee |  | 2 |    |
28. Na u onderrig by die gesiggestremde persoon het u die vertrouwe om nog musiekonderrig van enige gesiggestremde musiekonderwyser(es) te ontvang?
- |     |  |   |    |
|-----|--|---|----|
| Ja  |  | 1 | 56 |
| Nee |  | 2 |    |
29. Het u so vertrouwe in die musiekonderrig van 'n gesiggestremde persoon om hom/haar aan te beveel?
- |     |  |   |    |
|-----|--|---|----|
| Ja  |  | 1 | 57 |
| Nee |  | 2 |    |
30. Afgesien van die onderrig, hoe was u verhouding met die gesiggestremde persoon? Ken punte toe. (Sien gebruik van syfers in voorbeeld op bl 1).
- |             | Punte |  | 58-59 |
|-------------|-------|--|-------|
| Uitstekend  |       |  |       |
| Goed        |       |  |       |
| Bevredigend |       |  |       |
| Swak        |       |  |       |
31. Hoe was die gesiggestremde persoon se musiekkennis in vergelyking met dié van siende musiekonderwysers? Ken punte toe. (Sien gebruik van syfers in voorbeeld op bl 1).
- |             | Punte |  | 60-61 |
|-------------|-------|--|-------|
| Uitstekend  |       |  |       |
| Goed        |       |  |       |
| Bevredigend |       |  |       |
| Swak        |       |  |       |
32. Hoe was die gesiggestremde persoon se metodes van oordrag van kennis in vergelyking met dié van siende musiekonderwysers? Ken punte toe. (Sien gebruik van syfers in voorbeeld op bl 1).
- |             | Punte |  | 62-63 |
|-------------|-------|--|-------|
| Uitstekend  |       |  |       |
| Goed        |       |  |       |
| Bevredigend |       |  |       |
| Swak        |       |  |       |

## 9.2 INLIGTING UIT VRAELYS AAN HOOFDE

Die vraelys aan siende oud-leerlinge van blinde klavierleerkragte is opgevolg deur agt vrae aan hoofde van skole waar blinde musiekleerkragte poste beklee. Die evaluasie is ten opsigte van vier geheel blinde en een deelsiende klavierleerkragte gedoen. Drie van die leerkragte beklee poste aan laerskole en een persoon 'n pos aan 'n hoërskool vir siende leerlinge, terwyl 'n ander leerkragte by die Pionierskool te Worcester werksaam is. (36)

9.2.1 VAKKENNIS: Die blinde klavierleerkragte se vakkennis is deur die hoofde soos volg aangedui: deur 25 % as genoegsaam, deur 25 % as beter as dié van siende leerkragte en deur 50 % as baie goed. Ten opsigte van vakkennis vergelyk die blinde musiekleerkragte baie gunstig met hulle siende kollegas.

9.2.2 ONDERWYSPRESTASIE: Die onderwysprestasies van die blinde musiekleerkragte in vergelyking met dié van hulle siende kollegas is soos volg: 20 % van die hoofde is die mening toegedaan dat sekere aspekte van die

werk miskien beter deur 'n siende leerkrug aandag kon geniet; 20 % vind geen verskil nie; 40 % verklaar dat die onderwysprestasie van die blinde leerkrugte beter is, terwyl 20 % dit as uitstekend bestempel.

Indien 'n blinde klavierleerkrug sukses wil behaal, is dit belangrik dat hy homself die tyd en geleentheid gun om die vooroordele wat teen hom en sy werk mag bestaan met volgehoue toewyding te bowe te kom.

9.2.3 AANVAARBAARHEID VIR OUIERS EN LEERLINGE word deur 25 % van die hoofde as baie moeilik aanvaarbaar as gevolg van humeurigheid bestempel, 25 % verklaar dat daar geen probleme is nie, 25 % dui dit as baie positief aan en 25 % is die mening toegedaan dat die blinde leerkrug ten volle aanvaar is.

Omdat 'n blinde persoon sy gebrek en 'n samelewing vol vooroordele die hoof moet bied, is persoonlikheidsfaktore soos emosionaliteit, humeurigheid en selfs depressie nie uitgesluit nie. By die normale blinde persoon wat daarna streef om sy selfbeeld te

verbeter, mag daar egter geen sprake van aggressie wees nie. Die gemeenskap dra nie die skuld vir sy gebrek nie, teweens, die blinde klavierleerkrag moet die goedkeuring van die samelewing wen, sodat hy as 'n normale lid aanvaar word.

9.2.4 AANPASBAARHEID IN DIE SKOOLSITUASIE word soos volg opgesom: 20 % van die hoofde meld geen probleme nie, 40 % dui die aanpassing van die klavierleerkragte as goed aan, terwyl 40 % dit as baie goed bestempel.

Die blinde klavierleerkrag wat die erns van sy roeping besef, sal bereid wees om aanpassings in sy algemene benadering te maak en sodoende sy plek in die ope arbeidsmark beveilig.

9.2.5 ORGANISASIEVERMOË BINNE SKOOLVERBAND is deur die hoofde soos volg opgesom: 20 % beskou die blinde leerkragte 'se organisasievermoë as redelik, kontak nie altyd so goed om iets te inisieer nie; 20 % verklaar dat, hoewel taamlik swaar op kollegas gesteun word, geen probleme ondervind word nie en dat alles vlot verloop; 60 % dui die organisasievermoë as besonder goed aan.

Die vermoë om te organiseer, wissel van persoon tot persoon en hou nie met gesigsvermoë verband nie. Leerlinge word gemotiveer en besiel deur die opregte belangstelling en ywer van 'n leerkrager.

9.2.6 DISSIPLINE - VERAL TEN OPSIGTE VAN GROEPWERK word deur 40 % van die hoofde as nie na wense nie bestempel, bykomende personeel moet aangewend word; 20 % verklaar dat by individuele onderrig en klein groepe geen probleme ondervind word nie; 40 % van die hoofde beskou die dissipline van die blinde leerkrager as baie goed.

Dissiplinêre probleme is nie slegs tot blinde leerkrager beperk nie. Waar die skoolorganisasie en -dissipline niks te wense laat nie, ondervind leerkrager nie probleme nie.

9.2.7 MOBILITEIT van die deelsiende persoon word deur die hoofde as goed, hoewel stadig, bestempel. Wat mobiliteit van geheel blinde leerkrager betref, beweer 25 % van die hoofde dat die persone van hulp afhanklik is; 25 % is van mening dat daar nie juis probleme opduik nie; 50 % is die mening

toegedaan dat die blinde persone onafhanklik op bekende terrein beweeg.

Beweeglikheid is 'n wesentlike probleem by blinde persone. Dit is egter die verantwoordelikheid van die blinde klavierleerkrag om met behulp van 'n kiere, gidshond, kollega, leerling of eggenoot sy lewe so te reël, dat hy nie 'n remskoen vir die skoolorganisasie is nie.

9.2.8 BEVOEGDHEID TEN OPSIGTE VAN BUITEMUURSE BEDRYWIGHEDE is soos volg aangedui: 40 % van die hoofde is die mening toegedaan dat die blinde leerkragte van geen hulp is nie; 20 % is van mening dat die blinde leerkragte redelik bevoegd is, hoewel die leerlinge se belangstelling nie altyd na wense is nie; 40 % van die hoofde beweer dat die blinde persone se bevoegdheid baie goed is.

Wat die afrigting van sport betref, is blinde persone tot die afrigting van skaak en stoei beperk. Die voorsitter van die Bloemfonteinse Skole Skaakkomitee is 'n blinde klavierleerkrag. Genoemde leerkrag is ongeveer agtien jaar lank verantwoordelik vir die afrigting van die skaakspanne van die

skool. Blinde musiekleerkrigte kan waardevolle diens ten opsigte van Voortrekkers, ACSV, Landsdiens, Debatsverenigings, Skoolkoor (veral begeleiding), ensemblewerk, musiekbeluistering, leerlingraad en skolierpatrollie lewer. Daar is blinde musiekleerkrigte wat les- en oefenroosters vir musiekleerlinge opstel. (Sien Tabel 3.)

9.2.2 EIESOORTIGE PROBLEME van blinde leerkrigte word deur die hoofde soos volg opgesom: vir rapporte en alle skriftelike werk is die blinde klavierleerkrigte van siende persone se hulp afhanklik; sodra die blinde leerkrigte bekende terrein verlaat, is hulle op die hulp van siende kollegas aangewys; beperkte beskikbaarheid van musiek in braille; blinde musiekleerkrigte is nie in staat om van die blad te speel nie; sommige leerkrigte is baie gevoelig oor hulle gebrek en andere is hoogs emosioneel as gevolg daarvan; leerlinge word nie deur alle klavierleerkrigte vir eksamens afgerig nie; begeleidings word op gehoor gedoen; onbekende werke word met een hand gespeel, terwyl die ander hand die musiek in braille volg. (36)

Sommige van bogenoemde probleme is wesentlik, ander kan oorkom word, maar daar is dié waaraan die professionele blinde klavierleerkrag hom nie skuldig mag maak nie.

Die invul van rapporte, skryf van verslae oor leerlinge, opgawe van toetspunte, byhou van werkskemas en nasien van skriftelike werk skeep probleme wat die blinde klavierleerkrag op 'n doeltreffende wyse die hoof moet bied. Sommige blinde leerkragte laat die leerlinge hulle eie punte en kommentaar in die werkverslae aanbring. Hierdie stelsel het die voordeel dat die leerlinge op die hoogte van hulle vordering bly. Die punte word ná elke les aangeteken en die meeste leerlinge wedywer vir goeie punte. Die nasien van skriftelike huiswerk word gedurende lestye op die volgende wyse doeltreffend gedoen. Die leerlinge ruil boeke om en sien mekaar se huiswerk na terwyl die onderwyser die korrekte antwoorde verstrek, of die leerlinge lees die geskrewe gegewens wat dan mondeling deur die onderwyser gekontroleer word. Die leerlinge is vertrouwd met die betrokke metode van nasien, aangesien skriftelike werk in die klaskamersituasie deur siende leerkragte op dié wyse gekontroleer word. Vir die nasien van

eksamenskrifte kan van gevorderde of oud-leerlinge se dienste gebruik gemaak word. Die getroude blinde musiekleerkrag is egter nie van die hulp van buitestaanders afhanklik nie.

Vanweë hulle gebrek is blinde persone se bewegings aan bande gelê. Indien die blinde klavierleerkrag getroud is, verval hierdie beswaar sover dit die onderwysowerhede betref. Die alleenlopende blinde leerkrag is op die hulp van sy leerlinge en kollegas aangewys. Die gesindheid en samewerking van sy leerlinge en kollegas is noodsaaklik. Die skrywer, Sinclair Logan, skryf die volgende:

"Once you have made a success of your first job in a sighted school you can, of course, yourself apply for other similar jobs with more hope of getting them. The authorities at your first school, too, will help you, because, if they are sufficiently satisfied with you to retain your services, they will be so very much pleased that they will regard you as something of a rarity. If they themselves prefer you, even with your handicap, the recommendation which they are likely to give you will be so high that it should stand you in good stead. Remember, this will be if and because there is something about you which commends

you to people in spite of your blindness; otherwise you have no hope. Don't let that last thought cause you to lose heart. All the successful blind musicians of the past have possessed this attribute, especially those who have been great teachers, ....." (143 vol. III p. 90)

Die beperkte beskikbaarheid van musiek in braille is vir alle blinde musiekleerkragte 'n probleem, maar ten spyte hiervan ding hulle suksesvol met siende musiekleerkragte mee. Geen blinde musikus kan van die blad speel nie. Dit is die verantwoordelikheid van elke blinde klavierleerkrag om komposisies vir onderrigdoeleindes en begeleidings te memoriseer. Die beswaar dat blinde klavierleerkragte nie visueel die spel van hulle leerlinge kan volg nie, is nie deurslaggewend nie, aangesien musiek op klank berus. Die blinde musiekleerkrag moet daarop ingestel wees om met sy ge oefende gehoor en sy vakkennis die nodige leiding aan sy leerlinge te gee.

Blinde persone is bewus van hulle gebrek; sommige blindes is uiters gevoelig oor hulle onvermoë om te sien. Indien die blinde persoon as kind normaal ontwikkel het, is die moontlikheid gering dat hy

homself sal bejammer en as abnormaal sal beskou. Die blinde leerkrug moet beseef dat hy met 'n goddelike doel op aarde is; dit is sy plig om sy roeping met geloof in sy Skepper te vervul.

#### WELSLAE DEUR 'N BLINDE KLAVIERLEERKRUG BEHAAL

Vir die professionele klavieronderwyser wat duidelik geformuleerde doelstellings nastreef en aandag aan alle fasette van klavieronderrig skenk, is sukses nie uitgesluit nie. Statistiese gegewens ten opsigte van een blinde klavierleerkrug het die volgende aan die lig gebring: Afgesien van talle leerlinge wat musiek vir die genot en verryking geneem het, meer as twintig oud-leerlinge met tersiêre musiekopleiding en ongeveer twaalf studente wat as musiekonderwysers gekwalifiseer het, verdien die volgende vermelding:

Die musiekonderrig van 'n betrokke leerling het aan die begin van die derde kwartaal in standerd 5 by die betrokke blinde persoon 'n aanvang geneem. Indien die leerling jaar na jaar graad na graad sou speel, sou hy in standerd 10 Graad V behaal het. Aangespoor deur die geesdrif van sy onderwyser het die leerling so goed gevorder, dat hy vanaf standerd 6 Musiek as vak geneem het. Gedurende

dieselfde jaar slaag hy Klavier Graad III (UNISA) met lof en in standerd 7 slaag hy Klavier Graad VI (UNISA) met lof. In standerd 8, drie jaar nadat hy met musiekonderrig begin het, verwerf hy 'n beurs met Klavier Graad VII (UNISA). Gedurende sy hoërskoolloopbaan neem die leerling met onderskeiding aan kunsfeeste deel; hy slaag Musiekteorie Graad VI (UNISA) met eervolle vermelding en behaal 'n onderskeiding in Musiek HG aan die einde van standerd 10. Die betrokke oud-leerling is tans 'n gekwalifiseerde musiekleerkrag aan 'n hoërskool en studeer vir sy Meestersgraad in Musiek. (82)

'n Tweede oud-leerling het in standerd 5 haar musiekopleiding by die betrokke blinde leerkrag begin. In standerd 6 slaag sy Klavier Graad I, in standerd 7 Klavier Graad IV, in standerd 8 Klavier Graad VI en in standerd 9 Klavier Graad VII met eervolle vermelding. Sy neem Musiek as vak vanaf standerd 8 en verwerf 'n Onderwysdiploma in Musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. (83)  
Genoemde praktiese eksamens is deur UNISA afgeneem.

'n Leerling van 'n buurskool het tot graad VI by 'n siende leerkrag gevorder. Aan die begin van die vierde kwartaal in standerd 7 het haar

musieklesse by die betrokke blinde klavierleerkrag 'n aanvang geneem. In standerd 8 slaag sy Klavier Graad VII (UNISA), in standerd 9 Musiekteorie Graad VI met eervolle vermelding en in standerd 10 Klavier Graad VIII (UNISA) met eervolle vermelding. Hierdie musiekagtergrond stel haar in staat om Musiek HG as sewende matriekvak aan te bied. Sy behaal 'n B-simbool. (84)

Na etlike jare van musiekonderrig by siende leerkragte het 'n sekere leerling geen praktiese of skriftelike musiekeksamens afgelê nie. Aan die begin van die derde kwartaal in standerd 8 neem die leerling se musiekonderrig by die blinde klavieronderwyser 'n aanvang. Ongeveer vyftien maande nadat die leerling se onderrig by die blinde leerkrag 'n aanvang geneem het, slaag hy Klavier Graad VI (UNISA) met eervolle vermelding. Intussen slaag hy Musiekteorie Graad V, tree tydens die kunsfees op en neem aan die SAUK- 'en ATKV-kompetisie deel. Die leerling bied Praktiese Musiek (Tweede Instrument/Sang) SG en ook Musiek HG aan. (85)

Ten opsigte van die genoemde leerlinge gaan dit nie hoofsaaklik om die eksamenprestasies nie. Die ideaal moet steeds wees om leerlinge met die

nodige aanleg en belangstelling die geleentheid te bied om hulle vir 'n musiekloopbaan te bekwaam. (78)

Sonder duidelik geformuleerde doelstellings is sinvolle onderwys onmoontlik. Die skrywer, Robert F. Mager, beweer die volgende:

"When clearly defined goals are lacking, it is impossible to evaluate a course or program efficiently, and there is no sound basis for selecting appropriate materials, content, or instructional methods." (93 p. 3)

Die bevoegde blinde klavierleerkrag sal egter verseker dat al sy leerlinge hulle musiekopleiding as betekenisvol ervaar. Dit is die verantwoordelikheid van die blinde klavierleerkrag om in sy onderrigmetodes aanpassings te maak om die besondere vermoëns van elke leerling optimaal te ontwikkel. Die skrywer, Jerome S. Bruner, stel dit soos volg:

"We may take as perhaps the most general objective of education that it cultivate excellence; but it should be clear in what sense this phrase is used. It here refers not only to schooling the better student but also to helping each student

achieve his optimum intellectual development."

(94 p. 9)

